# Ek bid vir my Kinders

## Volgens die Goddelike Patroon



Nina Snyman

# *Ek bid vir my Kinders*

## *Volgens die Goddelike Patroon*

Deur Nina Snyman

Februarie 2024

## Inhoud

Inleiding ........................................................................................ 4
1. Ouerskap binne die Raamwerk van die Goddelike Patroon ......... 6
2. Geloof in God ................................................................................ 8
3. Groei in Christus ......................................................................... 10
4. Ons kinders se Identiteit in Christus .......................................... 11
5. Begrip van die Goddelike Patroon van die Lewe ....................... 12
6. Karakterontwikkeling .................................................................. 14
7. Emosionele Ontwikkeling............................................................ 16
8. Talente en Bekwaamhede............................................................ 17
9. Leer om te bid ............................................................................. 19
10. Leer om die Woord van God te Lees.......................................... 21
11. Fisiese Ontwikkeling en Gesondheid ......................................... 23
12. Goeie Verhoudings in die Gesin ................................................ 25
13. Ware Opvoeding ........................................................................ 26
14. Blootstelling aan Invloede van Buite.......................................... 28
15. Beskerming................................................................................. 30

16. Lewenskeuses: ‘n Antwoord op die Vraag “Wie is God?” .......... 31
17. Lewenskeuses: ‘n Lewensmaat .......... 33
18. Lewenskeuses: Intieme Leefstyl .......... 35
19. Lewenskeuses: ‘n Loopbaan .......... 36
20. Lewenskeuses: Om Nie te Veroordeel nie .......... 38
21. Die Wet van God: Een ware God .......... 40
22. Die Wet van God: Misbruik van die Naam van die Here .......... 42
23. Die Wet van God: Sabbatsonderhouding .......... 43
24. Die Wet van God: Eer jou Vader en jou Moeder .......... 45
25. Die Wet van God: Jy mag nie moordpleeg nie .......... 47
26. Die Wet van God: Verwerping van Immoraliteit .......... 49
27. Die Wet van God: Jy mag nie steel nie .......... 50
28. Die Wet van God: Spreek waarheid, nie die leuen nie .......... 52
29. Die Wet van God: Moenie begeer nie .......... 53
30. Wanneer die huis verlaat word .......... 54

‘n Hart vol dankbaarheid vir
Anna Pace, Vancouver Eiland, Kanada, vir al die hulp en aanmoediging.

AOV dui Afrikaanse Ou Vertaling (1933/53) aan.
AFR83 dui die 1983 Afrikaanse Vertaling aan.
AFR20 dui die 2020 Afrikaanse Vertaling aan.

Voorbladfoto:

https://www.freepik.com/free-photo/cute-family-playing-summer-field_9696104.htm

## Inleiding

*1 Korinthiërs 8:6 – Tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom.*

God het ons in Sy groot voorsienigheid teruggebring na die kennis van die Vader en Sy Seun, waarna verwys word as die Goddelike Patroon. Hy wys ons wat *agape* liefde is (liefde wat heeltemal gestroop is van selfsug) teenoor *eros* liefde (wat altyd selfsugtig is).

Ek het, as ouer van jong volwassenes, nie hierdie kennis gedra terwyl ek my kinders grootgemaak het nie. Ek het hulle nie die beginsels van die goddelike patroon van die lewe geleer nie (Sien die boekie *Goddelike Patroon van die Lewe*, deur Adrian Ebens, beskikbaar op www.vadervanliefde.com). Ek het gedoen wat ek kon met die lig wat ek op elke stadium van my lewe gehad het. Die kennis van die goddelike patroon het 'n nuwe wêreld met nuwe konsepte oopgemaak. My grootste les was dat ek, as ouer, die manier waarop die seën van my Vader op my kinders uitgestort word, bepaal. Dit plaas my nie in 'n magsposisie nie, maar wys my eerder op my behoefte aan 'n goddelike karakter, sodat ek die karaktereienskappe van Jesus Christus aan my kinders kan toon.

Op hierdie stadium is ek bereid om vergifnis te vra (van God en my gesin), sodat ek saam met hulle kan groei in hierdie waarhede, sodat vorige idees kan vervaag. So het ek een vir een die pilare van verkeerde doktrines hier in my gemoed, omgegooi: selfsugtge gebede, manipulerende gebede, veroordelende gebede, waarvan sommige genadiglik deur die Here beantwoord is. Ek veronderstel dat God my gebede beantwoord het in Sy toorn; uit jammerte en in hartseer het Hy my gegee wat ek gevra het, aangesien Hy geweet het in watter emosionele trauma ek myself sou plaas indien hierdie gebede onbeantwoord gelaat is.

Ek verstaan nou meer omtrent die hoë roeping van 'n lewe om ander te dien, aangesien ek 'n nuwe kykie gekry het op die kruis van Christus, asook 'n nuwe insig in die krag van Sy bloed. My hart is versag deur 'n beter insig in die belangrikheid van Sabbatsrus en die goddelike verwagting van die gebooie van God. Sy wette is nie arbitrêr gekose wette, wat op ons afgedwing word nie,

maar wel natuurlike wette, wat seën bring deur die onderhouding van die beginsels.

Ek het ‘n kykie gekry in die seënstruktuur wat ingebou is in die verhouding tussen ons hemelse Vader en Sy Seun: dankbaarheid en lof aan die groot Bron en Gewer sluit die hemelse strome van seën oop.

In hierdie gebede het ek probeer om ‘n gesprek met ons hemelse Vader na te boots deur baie Bybeltekse te gebruik, want Hy beantwoord ons versoeke en probleme met beloftes uit Sy Woord. In my persoonlike gebede maak ek partymaal gebruik van Skrif wat ek verander in gebede, om my afhanklikheid van God en my geloof in Sy Woord te bevestig.

> *Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here! Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons* ***die grootste en kosbare beloftes*** *geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is. – 2 Petrus 1:2-4.*

Ek dank God vir Sy voorsiening, genade en seën. Ek nooi jou uit om saam met my jou kinders te bring na ons hemelse Vader in die Naam van Jesus Christus, op dieselfde wys wat die moeders hul kindertjies na Jesus gebring het gedurende Sy aardse bediening, sodat Hy hulle die hande kon oplê.

*Nina*

*“…Daarom kniel ek in gebed voor die Vader aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het. Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.” – Efesiërs 3:14 – 19, AFR83*

## 1. Ouerskap binne die Raamwerk van die Goddelike Patroon

*"Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!" Psalm 139:23-24*

Ek glo nie aan perfekte verhoudings nie, ook nie aan perfekte ouers nie. Vir my bestaan dit bloot nie. Daar is wel positiewe gevolge wat volg op positiewe aksies, en negatiewe gevolge op negatiewe handelinge (Ps. 34:21,22).

As ouers sien ons baiemaal ons eie goeie en swak eienskappe in ons kinders, veral as hulle nog klein is. Eie ondervinding het my geleer hoe my eie gedrag onbewustelik opgetel word deur my kindertjies, omdat hulle my fyn dophou en naboorts. Laat ons gebruik maak van die positiewe aspek hiervan: Ons kan ons kinders na die voete van Jesus lei waar hulle saam met ons kan drink van die fontein van die lewe en seën.

*Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig.- Ps. 36:10*

Ons benodig goddelike wysheid en goddelike karakters, sodat God Homself deur ons aan ons kinders kan openbaar. Laat ons die hand van ons hemelse Vader aangryp om deur Hom die nodige karakters te ontwikkel, sodat ons ons kinders op Sy ewige weg kan lei.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek kom na U in die Naam van Jesus Christus, om myself as ouer voor U te lê. Ek dra dit nie in my om hierdie kind groot te maak om 'n verantwoordelike lid van U koninkryk te word nie. "Ek word soos 'n gebreekte kleipot." (Ps. 31:13, AFR20; 2 Kor. 4:7). U het my die goddelike patroon van die Godheid getoon: U as ons hemelse Vader en U eniggebore Seun. Ek benodig die Gees van Christus in my om hierdie kind tot U eer groot te maak. Dankie vir die groot seën wat U aan my toevertrou het – hierdie kind.

Gee my die krag en die karakter om hierdie kind te lei op die ewige weg, die weg waarop U my lei. Ek het U krag nodig om hierdie kind omtrent die lewe wat U gedurigdeur aan ons gee te leer. Die begeerte van my hart is dat hierdie kind U, hemelse Vader, sal leer ken. U Woord sê, "Niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader, en niemand ken die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom bekend wil maak." (Matt. 11:27). Here Jesus, ek vra dat

U Uself deur my aan my kind openbaar. Vader, U het my geplaas waar ek my kind kan seën. Dankie vir die seën wat hierdie kind my bring, selfs wanneer my sonde U seën omskep in 'n vloek. Ek lê my laste van kinderopvoeding aan U voete neer, want hierdie las kan my vermoei. Jesus, help my om U juk op te neem en te leer van U sagmoedigheid en nederigheid. Ek dank U vir die rus vir my siel wat U beloof, sodat ek die juk sag en lig mag vind. (Matt. 11:28-30). Dankie dat ek al hierdie dinge louter vreugde kan ag (Jak. 1:2).

Help my om daagliks die verskil te sien tussen geforseerde lering en onderrig wat saggies lei. Dankie vir U leiding in my lewe, wat vir my rigting-gewend is om my kind ook so te lei, deur U voorbeeld van diens, sagmoedigheid en goedheid. Dankie dat U my die goddelike balans tussen oorbeskerming en om daar te wees wanneer my kind my nodig het, gee. Gee my wysheid om my kind te ondersteun in al die verskillende fases van die lewe, sodat ek altyd my kind in ag neem en respekteer. Dankie dat U hierdie kind sal leer hoe om homself/haarself van sonde te bevry, sodat hy/sy 'n "fatsoenlike voorwerp [sal] wees: afgesonder, bruikbaar vir die Eienaar, geskik vir elke goeie werk." (2 Tim.2:21).

Ek bid dit in die Naam van U Seun, Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Goddelike Patroon van die Lewe*, deur Adrian Ebens.)

## Grootste en kosbare beloftes

*"Sê vir Aäron en sy seuns: So moet julle sê wanneer julle die Israeliete seën: "Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!" So moet die priesters my Naam [karakter] oor die Israeliete uitroep, en Ek sal hulle seën." – Numeri 6:23-27, AFR83 [woord in hakies ingevoeg]*

*Ek sal seën wie jou seën … In jou sal al die volke [families] van die aarde geseën wees. – Genesis 12:3, AFR83 [woord in hakies ingevoeg – sien KJV]*

## 2. Geloof in God

*"Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar." Johannes 1:18, AOV*

Ons wil graag hê dat ons kinders God intiem leer ken, sodat hul geloof in Hom sal groei. Nêrens in die Bybel word die verlossingsplan uitgelê as 'n "vyfpuntplan" nie. Ek glo dat God 'n pad stap met elke individu, volgens hul behoeftes. Laat ons ons kinders in die genadige hand van God plaas terwyl ons saam met ons kinders hierdie weg bewandel. Mag ons kinders met 'n gelowige hart die soom van Jesus se kleed aanraak.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek bid dat U my kind sal leer omtrent Wie U is, omtrent U plan van verlossing vir hom/haar en omtrent versoening met U. Mag my kind "… U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het." (Joh. 17:3, AOV). Help my kind om die onuitgesproke verlange na iets beter te erken: die soeke na reinheid, vreugde, vrede en U rus, wat die wêreld nie kan voorsien nie. Mag hy/sy U stem hoor wat hom/haar wegroep van die gebroke waterbakke van hierdie wêreld, waar die bron van seën opdroog (Jer. 2:13).

Lei my gedagtes en die bedoelings van my hart wanneer ek aan hom/haar die wonder van die verlossingsplan verduidelik. Here Jesus, ek vra dat U die Vaderhart van God meer en meer aan my bekend sal maak, sodat my kind U deur my mag sien. Ek verlang na die hartsondervinding, wat beide my en my kind se karakters in harmonie met U bring.

Help my kind om sy/haar sonde op 'n vroeë stadium van sy/haar lewe te eien. Help hom/haar om te sien "daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie" (Rom. 3:10, AOV) en "die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here." (Rom. 6:23). Help hom/haar om te verstaan dat nie U nie, maar *sonde* die dood bringen. Ek bid dat sy/haar sondebelydenis nie net uit vrees vir die gevolge van foute is nie, maar dat sy/haar ondervinding ook die hartverskeurende sielewroeging sal insluit, dat hy/sy die vlekkelose Seun van God verraai het. Skenk aan myself en my kind die gawe van bekering en vergifnis van sonde (Hand. 5:31).

Ek bid dat my kind nooit, om geen rede, die genade van God sal verwerp nie. Ek bid dat hulle nie die genade van God tervergeefs sal ontvang nie (2 Kor. 6:1). Ek bid dat my kind nie die werk van bekering en redding onnodig sal uitstel nie. Help my kind om in geloof in U te groei, terwyl hy/sy U vertrou vir klein dingetjies, en ook vir groter kwessies, volgens sy/haar geloof.

Ek vra ‘n groot mate van geduld in myself wanneer my kind deur die prosesse van ‘n sondebelaaide lewe gaan, wanneer hy/sy swaar gedruk gaan onder die juk van skuld en die gevoel dat hy/sy van U afgesny is. Ek vertrou dat U sal aanhou pleit by hom/haar om terug te keer na die Vaderhuis met weldeurdagte, volkome sondebelydenis, sodat hy/sy volkome vergifnis sal ontvang, asook ‘n waardering vir die kruis van Christus.

Dankie dat ek U kan vertrou om die maat van geloof, wat U hom/haar geskenk het, te laat groei (Rom. 12:3). Dankie dat ek U kan vertrou vir ‘n volkome verlossingswerk in my kind se lewe, dat hy/sy ‘n nuwe hart, nuwe begeertes, nuwe motiewe en doelstellings, sal ontvang, om ‘n nuwe lewe te lei, tot U eer.

Ek bid dit in die Naam van U Seun, Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Skrede na Christus*, bl. 32, 43, 49-50; *Steps to Christ*, pg. 18, 24, 28)

## Grootste en kosbare beloftes

*Toe sê ek: Wie is U, Here? En Hy sê: Ek is Jesus… rig jou op en staan op jou voete, … Ek [stuur] jou nou…, om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en ‘n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang. – Hand 26:15-18, AOV.*

*Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. – Galásiërs 2:20, AOV.*

*… die regverdige sal uit die geloof lewe. – Galásiërs 3:11, AOV*

## 3. Groei in Christus

Dit is God wat die bloeisel laat blom, en die blom bring tot vrug. Deur die krag van God ontwikkel ‘n saadjie, “eers ‘n halm, dan ‘n aar, dan die volle koring in die aar.” (Mar. 4:28, AOV). So groei die geestelike saad in ons kinders.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek kom na U in die Naam van U Seun, my Here Jesus Christus.

My gebed vir my kind is dat hy/sy geestelik mag groei. Wees U sy/haar “ewige lig” en “sieraad” (deur sy/haar karaktervorming – Jes. 60:19, AOV), gee aan hulle “genade en eer” (Ps. 84:12, AOV). Wees vir my kind die lewende water, die “brood van God … wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.” (Joh. 6:33, AOV).

Ek bid dat hy/sy sal leer om elke oggend homself/haarself aan U toe te wy, sodat dit sy/haar eerste gedagte van die dag sal wees. Laat hul gebed wees, “Neem my, Here, ek wy my aan U toe. Ek lê my planne voor U. Gebruik my vandag in U diens. Bly by my, Heer; ek laat my werk aan U oor.”

Ek bid dat my kind ‘n lewe van geestelike rustigheid in U sal lei. Ek bid dat hy/sy die ware betekenis van die rus van die weeklikse Sabbat sal verstaan, asook die uitbreidings daarvan na maandelikse en jaarlikse rustydperke.

Mag hy/sy nooit die nodigheid van gevoelens van ekstase ervaar nie, maar gee ‘n ondervinding van blywende, vredevolle rus. Mag hy/sy U liefhê, U naboots, afhanklik wees van U, sodat hy/sy na die gelykenis van U beeld (U karakter) verander sal word.

Here Jesus, U het menslike vlees op Uself geneem, en daardeur Uself aan die mensdom met ‘n koord van liefde gebind, wat nooit verbreek kan word nie, , behalwe deur die mens se keuse. Ek bid dat U tussenbeide sal tree en my kind ontmoedig om homself/haarself van U te vervreem.

Here Jesus, mag U stille en heilige teenwoordigheid altyd by my kind bly, soos ‘n persoonlike teenwoordigheid, vol liefde en lig. Vader, ek dank U in die Naam van U kosbare Seun, Jesus Christus, vir hierdie kosbare beloftes. Amen.

(Bron: *Skrede na Christus*, hoofstuk 8, Opwassing in Christus; *Steps to Christ*, chapter 8, Growing Up Into Christ)

## Grootste en kosbare beloftes

*"En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, aan Hom die heerlikheid in die gemeente [en in ons gesin] in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen." – Efésiërs 3:20,21, AOV*

*Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o HERE, my rots en my verlosser! - Psalm 19:15, AOV*

## 4. Ons Kinders se Identiteit in Christus

*Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. - Psalm 139:14*

*"Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My." – Matteus. 3:17.*

Die woorde hierbo uit Matteus is deur ons hemelse Vader teenoor Sy Seun uitgespreek. Hierdeur wil Hy aan elkeen van ons die kans gee om onsself as 'n seun/dogter van God te beskou. Ons hemelse Vader het elkeen van ons op 'n wonderbaarlike wyse geskape. Dit is ons ouerlike verantwoordelikheid om hierdie waarheid by ons kinders in te skerp, en sodoende die kinders aan die hemelse gesin voorstel. Ons kan dit net deur absolute afhanklikheid van God doen.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek kom na U om U te vra om aan my kind 'n openbaring te gee dat U die fontein van lewe is (Ps. 36:10, AOV), ook die fonein van sy/haar lewe, dat elke hartklop van U afkomstig is. Help hom/haar om te sien dat U die bron van elke goeie gedagte is. Help my kind om die voorbeeld van die hemelse gesin, wat uit U, hemelse Vader, en U kosbare Seun bestaan, te verstaan. Ek vra dat hy/sy haar plek in hierdie hemelse gesin sal vind.

Openbaar aan hom/haar dat die liefde tussen U, hemelse Vader, en U Seun Jesus Christus ook die liefde is wat U vir hom/haar persoonlik het. Ek kan nie

die geheime van die hart lees nie, maar U kan, deur die werking van U Gees. Help hom/haar om sy/haar eie identiteit te bevestig deur die woorde “Dit is my geliefde Seun [dogter] in wie Ek ‘n welbehae het.” Mag sy/haar verhouding met U, sonder onnodige verse, op liefde gebaseer wees (1 Joh. 4:18, AOV).

In geval van insidente in sy/haar lewe wat hom/haar hierdie waarheid kan laat bevraagteken (noem spesifieke dinge), vra ek vir U genesing deur die Gees van Christus, wat lei tot betekenisvolle herstel met geheiligde karakterbou.

Verhoed asseblief alle geleenthede wat hom/haar laat glo dat hy/sy lewe in hom-/haarself dra, om onafhanklik van gesag te funksioneer. Verhinder asseblief dat hy/sy ander mense as voorwerpe sien met wie hulle kan assosieer om homself/haarself meer mag te gee of vervuld in die lewe te laat. Help hom/haar om uit sonde te groei, om “nie meer dienskneg nie, maar kind…ook erfgenaam van God deur Christus” te wees (Gal. 4:7, AOV).

Dankie dat hy/sy altyd na U en U Seun kan kyk om sy/haar ware identiteit in U te vind. Ek bid dit in die Naam van U Seun, Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Identiteitsoorlog*, deur Adrian Ebens)

## Grootste en kosbare beloftes

*Kleinkinders is vir oumense 'n trots; vaders is vir hulle seuns 'n sieraad. – Spreuke 17:6*

*Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan júlle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê … met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. - 1 Johannes 1:3*

*Laat reg aan my geskied, Here, want ek is onskuldig. Ek het op die Here vertrou en nie getwyfel nie. Toets my, Here, keur my, ondersoek my deur en deur. Ek laat my deur u liefde lei en ek lewe deur u trou. - Psalm 26:1-3*

## 5. Begrip van die Goddelike Patroon van die Lewe

Die Seun van God, ons Here Jesus Christus, toon aan ons die volmaakte voorbeeld van wysheid (1 Kor. 1:24), gemeenskap met die Vader (1 Joh. 1:3),

onderdanigheid aan die Vader (Joh. 5:19), die ontvangs van seën (Joh. 5:20) en om dank aan die Vader te bring (Joh. 11:41). Ons kinders benodig ons voorbeeld van dankbaarheid aan God, die bron van alle seën.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek kom na U in die Naam van U Seun, my Here Jesus Christus, oor een van die mees belangrike lewenskeuses wat my kind moet maak. Ek vra dat U wil geskied.

Ek vra dat my kind die hemelse voorbeeld sal verstaan en groei in die gedagte dat hy/sy alles wat hy/sy het, van U ontvang; dat hy/sy die seën van onderdanigheid, ook aan my as ouer, sal verstaan; en dat daar reaksie van dankbaarheid vir hierdie seën sal wees. Ek verstaan dat ek in die kanaal van seën vir hierdie kind staan, dat ek die geleentheid het om hierdie heilige, rein beginsels van onderdanigheid en dankbaarheid te demonstreer. Ek vra nederig om vergifnis vir my eie (en my kind) se hardkoppigheid, ondankbaarheid en opstand van die verlede. Ek dank U vir U vergifnis, wat ons verniet kan ontvang, volgens U beloftes. Ek vra dat U Gees ons in hierdie verband verander, met U liefde en U seën. Ek maak die keuse om 'n gees van dankbaarheid in ons huis te demonstreer.

Wys my kind hoe om op 'n goddelike wyse daardie plek van onderdanigheid en nederigheid teenoor U, hemelse Vader, teenoor die Seun van God, teenoor sy/haar ouers (teenoor my) en ander gesag in sy/haar lewe in te neem. Weerhou hom/haar van selfverheffing, om gelyk met God te wees, en help hom/haar om dit heel aan die begin agter te kom. Open my oë om dit raak te sien en hom/haar op die ewige weg van seën en dankbaarheid te lei.

Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges (wat ook my kind insluit) bekend gemaak het. Ja, Vader, so was dit U genadige bedoeling (Matt. 11:25,26). Ek begeer ook hierdie dinge vir my kind, en ek vra nederig dat U hierdie beloftes aan ons sal skenk, in die Naam van U Seun, my Here Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Goddelike Patroon van die Lewe*, deur Adrian Ebens.)

## Grootste en kosbare beloftes

*Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad! - Psalm 139:23-24*

*So sê die Here: Die wyse man moet nie in sy wysheid roem nie, die soldaat nie in sy krag nie, die ryk man nie in sy rykdom nie. Laat hom wat wil roem, daarin roem dat hy insig het en My ken. Ek is die Here. Ek bewys liefde, reg en geregtigheid op die aarde, want dit is wat Ek wil hê, sê die Here.- Jeremia 9:23-24*

### 6. Karakterontwikkeling

Ons wil graag hê dat ons kinders grootword volgens die hemelse voorbeeld wat Jesus ons tydens Sy aardse bediening gegee het. Ons as ouers kan hierdie voorbeeld aan ons kinders demonstreer. Dus lê ons heel eerste ons eie karakterontwikkeling voor ons hemelse Vader, sodat Hy ons vervolmaak deur Sy Gees. Ons kan aan ons kinders demonstreer hoe om karaktergebreke te hanteer deur die dinge in gebed tot God te bring, deur vergifnis vir foute te ontvang, om dit agter ons te laat, en ons kan aanstap met die oë gevestig op die Leidsman van ons verlossing (Hebr. 2:9-10).

Ons Vader wat in die hemel is,

Dankie dat U plan van verlossing totale genesing bring, asook herstel en groei in die Gees van Christus. Dankie vir U Gees wat ons karakters toerus met die vrug van liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Gal. 5:22,23).

Help my om my eie verantwoordelikheid te erken, om my karakter te bou deur die aanwysings in die Skrif, om tyd met U deur te bring, om my gees te voed met U Woord en daarvolgens te reageer. Ek besef ek beïnvloed my kind elke oomblik wat ek met hom/haar in kontak is. Ek sien baiemaal my eie negatiewe karaktereienskappe in my kind se optrede. Vergewe assebief my (noem spesifieke optredes). Ek plaas my vertroue in U om my te help om dit te

oorwin, want dit bring slegs verwyt en breek U Naam af. Ek benodig totale oorwinning, om ‘n getuie omtrent oorwinning van karaktergebreke deur U genade en krag teenoor my kind te wees.

Ek vra om vergifnis dat ek eens geglo het dat U ‘n Vader is wat Sy humeur verloor en wat ons skade aandoen om ons van sonde te oortuig, sodat dit lei tot vrees en veroordeling. Help my en my kind om U te aanskou in die lig van die Gees van Christus, en om ons karakters te bou in die liefde, geduld en genade wat U demonstreer aan alle sondaars.

Ek bid dat ons gesin alle prikkelbaarheid, onhoflikheid, kruheid en skerp opmerkings sal uitroei, dat ons eerder seën, troos en krag sal uitdeel, om mekaar in ons huis te ondersteun, want die vrede van Christus heers in ons harte. Ek bid vir goeie maniere, opbouende en vrolike gesprekke, liefdevolle hantering van ander mense, sodat die hart van my kind aan my as ouer met silwer koorde van minsaamheid gebind word.

Help my om liefde soos ‘n delikate plantjie in ons huis te kweek, help my om daarna om te sien. Gee my die wysheid om die wortels van alle kwaad uit te roei, sodat daar ruimte vir liefde is om te floreer, sodat dit al die kragte van die gedagtes en die harte kan beïnvloed, want ons wil U bo alles liefhê en ons naaste soos onsself. Ek bely my totale afhanklikheid van die standvastigheid van die Gees van Christus. (*Our High Calling*, p.173).

Laat U wil geskied. Ek vra dit in die Naam van U Seun, ons Here Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Mind Character and Personality*, Vol.1 p.176; *Our High Calling*, bl.173)

## Grootste en kosbare beloftes

*Nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê. - Galasiërs 2:20*

## 7. Emosionele Ontwikkeling

God het ons elkeen geskep met individuele eienskappe waarmee ons rede en emosies hanteer. Hierdie twee werk saam: die brein se redenasievermoë behoort emosies te voed, vir 'n gesonde positiewe balans. (Verwys na die boekie *Goddelike Patroon van die Lewe*, op www.vadervanliefde.com). Ons wil graag hê dat ons kinders verstaan hoe redenasies en denkvermoë die emosies lei en seën, sodat hulle daarvolgens reageer wanneer emosies ongebalanseerd raak. Die wêreld het hierdie beginsel kop-onderstebo gedraai, naamlik dat emosies aan die redenasies kan voorsê, sodat ons opvoeding daaroor teenstrydig is met die beginsels van God. Die herstel van hierdie wanbalans is slegs moontlik deur die Gees van ons hemelse Vader, deur Sy Seun, Christus.

Toe ek aanvanklik kennis van hierdie balanse tussen emosies en denkvermoë opgedoen het, het ek groot geleethede tot groei in beide myself en my kinders se optredes gesien.

Ons Vader wat in die hemel is,

Dankie vir die gawes van emosies, as 'n uitdrukking van ons gedagtes.

Vergewe asseblief my foute van die verlede, waar ek in hierdie verband hande geneem het met die wêreld, sodat ek die verkeerde voorbeeld gestel het. Dankie, Vader, dat U ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee het nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing (2 Tim. 1:7).

Ek bid dat my kind onnodige vrese sal identifiseer. As daar werklike gevaar is, help hom/haar om na U te kom vir beskerming en troos.

Indien hy/sy skuld, hartseer, bekommernis en angs, te veel tye agter die boeke, pyn, woede, jaloesie wat lei tot afsku en wraak ervaar, bid ek dat hy/sy die wortels van hierdie kwaad sal identifiseer en om vergifnis sal vra. Help hom/haar om geloof en wysheid van ons Here Jesus Christus te ontvang, om die beginsels van U wet toe te pas wanneer daar oplossings gesoek word.

Mag my kind – deur U Gees – die eerste aansporings tot sonde erken, want wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees begeer (Gal. 5:17), wat lei tot 'n aanhoudende stryd. Ek staan hier in totale afhanklikheid van U, Here Jesus. Ek bid dat my kind se menslike swakhede verenig sal word met U goddelike krag, sodat hy/sy deur geloof kan uitroep: "[Ek] dank God dat Hy aan [my] die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus!" (1 Kor. 15:57).

Ek bid dat my kind die menslike swakheid, naamlik om negatiewe emosies te vertroetel, sal oorwin. Help hom/haar om in te sien hoe negatiewe manifestasies lei tot steeds meer negatiewe emosies, wat weer lei tot sondige reaksies (Ps. 106:15). In geval van insidente waar negatiewe emosies die oorhand neem, bid ek nou reeds vooraf om wysheid en goddelike liefde om die situasie te hanteer. Help ons om te glo in die krag van U genesende liefde, en gee ons die nodige kennis daaromtrent.

Ek bid dat U hom/haar van enige minderwaardigheidsgevoelens sal vrymaak, deur ‘n openbaring dat hy/sy deur U, ons hemelse Vader ten volle aanvaar word (Rom. 5:8).

Maak die verskillende aspekte van die “vrees van die Here” duidelik in sy/haar gemoed en hart. Gee aan hom/haar die seën van vryheid, liefde, aanvaarding en rus, wat deur onderdanigheid en gehoorsaamheid aan U kom. Ek bid dit in die Naam van U Seun, my Here Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Mind Character and Personality*, Vol.2, bl. 516-519; *Goddelike Patroon van die Lewe*, deur Adrian Ebens)

## Grootste en kosbare beloftes

*Ek, die Here, deurgrond en toets hart en verstand, Ek laat die mens kry wat hy verdien, wat hom toekom vir wat hy doen. - Jeremia 17:10*

*Maak my bly, Here, ek hunker na U. - Psalm 86:4*

*My hart is gerus, o God! Ek wil sing en psalmsing, ja, ook my eer. - Psalm 108:2*

*Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien. - Psalm 103:13*

## 8. Gawes en Talente

Die ontwikkeling van talente in my kinders was nogal ‘n uitdaging vir my, want ek kon vanaf hul babadae versteekte talente by hulle opmerk, talente wat ek nie in myself dra nie, en waaroor ek geen kennis het nie. Ek het

moontlik, as ouer van kleintjies, hierdie ontwikkeling van talente baseer op goeie optrede, wat moontlik kon lei tot geloof wat gebaseer is op werke. Ek wou graag hê dat hierdie talente in die koninkryk van God gebruik word; ek wou nie dat my kinders se talente in die koninkryk van die wêreld misbruik word nie, aangesien dit kan lei tot emosionele letels. Ek het hul talente aan die Here opgedra.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek kom na U in die Naam van ons Here Jesus Christus. Help my kind om U te eien as die groot bron van alle lewe, goedheid en talente. Dankie dat U hom/haar op 'n wonderbaarlike wyse geskep het. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering (Ps.139:14).

Help my kind om die doel en roeping wat U op sy/haar lewe geplaas het, te ken, sodat sy/haar talente reg aangewend kan word. Help my kind om 'n karakter wat op genade gebou is, te ontwikkel, sodat 'n sterk, stabiele basis vir alle gawes en talente gelê word. Ek bid dat U hom/haar sal vul met U Gees, sodat hy/sy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen, sodat hy/sy die roeping van sy/haar lewe kan vervul (Eks. 31:3; Jer. 9:23-24). Help hom/haar om die druk van die wêreld, om met talente en bekwaamhede uit te munt, te verwerp.

Help my kind om talente te ontwikkel binne die emosionele siklus van die Koninkryk van God: gedurende tye van sukses, help hom/haar om U met dank te loof en op U te vertrou; gedurende tye van mislukkings, bring aanvaarding en moed om gefokus te bly, sodat dankbaarheid aan God na vore kom vir enige opvolgende sukses. (Sien die boek *Identiteitsoorlog*, hoofstuk 8: *Vergelyking van die Twee Koninkryke*, deur Adrian Ebens op *www.vadervanliefde.com*)

Ek bid vir U oogsalf tydens mislukkings, om waardevolle lesse te leer in swaar tye. Mag sy/haar hart gevul word met dankbaarheid tydens uitdagende fases van die lewe. Ek bid vir meegevoel, hoop en geloof tydens hierdie tye, om nooit hom-/haarself te veroordeel nie, en ook nie iemand anders as die sondebok uit te wys nie.

Hemelse Vader, help my kind om sy/haar waarde te erken, wat gebaseer is op 'n verhouding met U, en nie op talente of bekwaamhede nie. Help my kind om nooit hom-/haarself met ander te vergelyk om so gevoelens van

minderwaardigheid te probeer oorwin nie. Plant in hom/haar die sekerheid dat hy/sy in liefde aanvaar word deur sy/haar ouers en deur U, ons hemelse Vader. Help my om totale liefde en aanvaarding van hierdie kind, aan hom/haar effektief te kommunikeer.

Help my en my kind om gawes en talente op ‘n vroeë ouderdom te erken, sodat hy/sy nie ‘n doellose lewe sonder roeping sal lei nie.

Mag U wil geskied. Amen.

(Bron: *Identiteitsoorlog*, deur Adrian Ebens, Hoofstuk 8 – Vergelyking van die Twee Koninkryke)

## Grootste en kosbare beloftes

*Ek het hom toegerus met my Gees sodat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen. – Eksodus 31:3*

*So sê die Here: Die wyse man moet nie in sy wysheid roem nie, die soldaat nie in sy krag nie, die ryk man nie in sy rykdom nie. Laat hom wat wil roem, daarin roem dat hy insig het en My ken. Ek is die Here. Ek bewys liefde, reg en geregtigheid op die aarde, want dit is wat Ek wil hê, sê die Here. - Jeremia 9:23-24*

*Een ding het God gespreek, twee is dit wat ek gehoor het: dat die sterkte aan God behoort, en aan U, o Here, behoort die goedertierenheid; want U vergeld elkeen na sy werk. – Ps. 62:12-13*

## 9. Leer om te Bid

As jong moeder was my grootste begeerte dat my kinders leer om sinvol te bid. Ek het reeds op die ouderdom van een jaar begin om vir hulle Bybelstories uit ‘n kinderbybel te lees, saam met ‘n kort gebed. Toe hulle leer praat het, het hulle my gebede nageboots. Ek het te laat agtegekom watter groot indruk daardie eerste gebede op hulle gemaak het. Indien ek “beter” gebede gebid het, met meer besonderhede van die dag se gebeure, sou hulle vroeër geleer het om elke dag se gebeure in gebed na ons Heer te neem.

God het ons kinders gemaak om in ‘n nou verhouding met Hom te staan en om die heerlikheid van Sy karakter in hierdie donker wêreld te laat skyn

(Matt. 5:48). Laat ons God vertrou om Sy karakter in ons kinders te bou, ook terwyl hulle leer bid.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek kom na U in die Naam van U Seun, Jesus Christus. Ek vra dat die gebede van ons huis nie bloot roetine-gebede sal wees nie, maar dat my kind sal groei in sy/haar verhouding met U. Ek vra dat U my pogings ondersteun om aan hulle te toon hoe om nie net te vra vir dinge nie, maar om werklik sy/haar hart oop te maak in gebed. Mag my kind die beginsel agter "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word" werklik leer ken en verstaan (Matt.7:7).

Weerhou my kind van onpersoonlike en selfsugtige gebede.

Leer my kind die belangrikheid van vergifnis: hoe om vergifnis te gee en hoe om vergifnis van U, Vader te ontvang, sodat sy/haar gebede beantwoord kan word (Matt. 6:14-15). Openbaar U volledige vergifnis aan hierdie kind deur U goeie en minsame Gees. Mag U *agape* liefde op my lippe wees (as ouer) as my kind se direkte kanaal van seën. Help hom/haar om te verstaan dat U nooit van ons af wegdraai nie, maar dat ons sonde skeiding bring, en dat die oplossing in aanvaarding van U vergifnis lê (Jes. 59:2).

Vader, laat die geloof wat U in hom/haar geplaas het, groei tot volle blom, want "wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon." (Hebr. 11:6). Wanneer hy/sy nie ontvang wat gevra is nie, bring groeiende geloof sodat vertroue in U gebou word. Help hom/haar om te sien dat ons hemelse Vader ons gebede in liefde beantwoord, deur aan ons goeie dinge te gee – dit wat ons sou gevra het indien ons visie verhelder kon word om dinge te sien soos dit werklik is. Herhinner hom/haar dat U nooit goeie dinge weerhou van dié wat opreg met U wandel nie.

Leer hom/haar om in die Gees van Christus te bid, terwyl hy/sy glo in U beloftes, op U genade steun, en die werke van Christus doen. Mag sy/haar gees opstyg, nader aan die hemel, op die vleuels van lof aan U. Amen.

(Bron: *Skrede na Christus*, Hooftuk 11, *Die Voorreg van Gebed*; *Signs of the Times*, 1 Junie 1892).

## Grootste en kosbare beloftes

*Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. - Romeine 8:26*

*Ek wil dus hê dat die mans by elke plek van samekoms met 'n skoon gewete hande in gebed tot God moet ophef, vry van onmin en twis. - 1 Timoteus 2:8*

*Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees. Bly in die liefde van God. Vestig steeds julle verwagting op die barmhartigheid van ons Here Jesus Christus wat die ewige lewe aan julle sal gee. - Judas 1:20-21*

## 10. Leer om die Woord van God te Lees

Vir my is dit duidelik dat kinders om EEN rede moet leer lees, en dit is dat hulle die Woord van God kan lees en Hom kan leer ken. Gedurende die Protestante Reformasie is baie skole geopen om seuns (asook dogters) te onderrig, waar die Bybel as die Boek gebruik is om die kinders te leer lees. Ongelukkig is daar in al die Protestantse lande nou ook ‘n wye verskeidenheid kinderboeke beskikbaar. Ek het my kinders se skoolboeke (en ander kinderboeke) almal deurgegaan en heelwat rede gevind om teen die inhoud kapsie te maak. Om hierdie invloede teen te werk, het ek Kinderbybels gekoop en saam met hul ander kinderboeke in hul kamer op hul boekrak geplaas. So is my kinders gedurende die dag se speeltye aan die Woord van God blootgestel, en nie net gedurende oggend- en aandgodsdiens nie. Nie een van die Kinderbybels in ons huis het sulke kinderspelery “oorleef” nie, maar die Woord van God is in hul harte weggebêre, sodat al drie van hulle steeds ‘n liefde vir die Woord van God het, selfs gedurende hul tienerjare en as jong volwassenes.

Die Woord van God is nie net vir geleerde Bybelkenners geskryf nie, maar ook vir gewone mense soos ek en my kind. Laat ons God vertrou vir ‘n

positiewe ondervinding wanneer hulle uit die boek van ons hemelse Vader aan ons as Sy kinders, lees.

Ons Vader wat in die hemel is,

DANKIE vir die openbaring van U karakter soos vir ons in die Skrif opgeteken. Ek kom vra vir insig en wysheid in myself en my kind wanneer hy/sy leer lees. Ek vra vir vreugde wanneer ons die Skrifte lees. Mag die Gees van Christus sy/haar gedagtes open sodat hy/sy ewige lewe en die openbaring van die Here Jesus Christus in die bladsye sal vind (Joh. 5:39).

Indien enigsins moontlik, vra ek dat hy/sy nie net ‘n liefde vir die Woord nie, maar ook ‘n liefde vir Skrifmemorisering sal ontwikkel. Help hom/haar om die Woord te internaliseer en volgens die waarhede en beloftes daarin te lewe. Mag die Skrif aan hom/haar geestelike krag skenk, asook helderheid van verstand en ‘n vaste oortuiging van die regte keuses. Ek bid dat dit sal gepaardgaan met opregte en ernstige gebede, om die Skrif te kombineer met geloof en liefde.

Ek vra dat my kind nie die getuienis van mense omtrent wat die Skrif sê, sommerso sal aanvaar nie, maar dat hy/sy self die Woord sal bestudeer.

Help my kind om die teenstrydighede wat hy/sy in die Bybel optel, op te los met toegewyde studie, deur Skrifgebaseerde metodes te gebruik. Help my kind om te verstaan hoe die Woord van God as ‘n spieël optree vir die siel, en dat Jesus die enigste volmaakte voorbeeld vir ons is.

Ek bid dat die tyd wat hy/sy in die Woord van God bestee, ‘n oop gemoed, ‘n edele karakter en doelgerigtheid in hom/haar sal ontwikkel. Help hom/haar om elke gedeelte binne die konteks van die verlossingsplan te bestudeer. Wanneer my kind groot genoeg is om die Skrifte te deursoek, help hom/haar om met deeglike navorsing tot weldeurdagte beslissings te kom, sodat hy/sy ‘n fontein van strome lewende waters by die bron van lewe sal vind (Ps. 36:10).

Ek vra dit in die Naam van U geliefde Seun, Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Skrede na Christus*, Hookstuk 10: ‘n Kennis van God. Sien ook: *How do you Read*, deur Daniel Bernhardt)

## Grootste en kosbare beloftes

*"Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe." Joh. 6:63*

*U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad. – Psalm 119:105*

*Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie. - Psalm 119:11, AOV*

*Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is. - 2 Korintiërs 3:18.*

*Die onderrig van die wyse is 'n fontein van die lewe, om die strikke van die dood te ontwyk. – Spreuke 13:14.*

## 11. Fisiese Ontwikkeling en Gesondheid

Ons wil almal gesonde kinders hê wat op 'n normale wyse ontwikkel. Meer en meer kinders ontwikkel gesondheidsprobleme, deels as gevolg van die moderne leefwyse.

Daar is 'n toenemende mate van disfunksionele eetgewoontes onder die algehele populasie. 'n Moerderhart wil graag gesinsmaaltye voorsien sonder hierdie kwessies. Dus benodig sy God se wysheid om elke maaltyd in 'n feesmaal te omskep!

Toe my kinders nog klein en energiek was, het ek 'n buite-speeltyd vir die laaste halfuur voor die aandroetine begin, toegelaat. Hulle het daarna van buite ingekom om te bad en te eet. Ek het klein bakkies vars slaai neergesit waarmee hulle op hul eie kon begin eet, terwyl die hoofdis moes wag totdat almal aan tafel was, sodat ons saam kon bid voor die hoofmaal van die dag. Op hierdie manier is die aller-verskriklike slaai geredelik maklik(er) geëet, sonder te veel klaery.

Ons is almal sondaars. Ons sonde is die bron van siekte en word vele male deur die ouers na die kinders, ook deur myself gekanaliseer. Ons moet wysheid

toepas wanneer ons veranderinge in ons lewenstyl, ter wille van die gesondheid van ons kinders, bring.

Ons Vader wat in die hemel is,

Help my kind om in te sien dat ons (hy/sy en ek ook) nie deur angs of eie mag enige lengte of fisiese groei by sy/haar gestalte kan voeg nie. Dankie dat hy/sy groei en grootword deur blootstelling aan ‘n omgewing wat lewe gee – vars lug, sonskyn en gesonde kos. Here, Jesus, ek vra U om hierdie goeie dinge te *wees* vir hom/haar, aangesien ons op U vertrou. Help my as ouer om die huisatmosfeer sodanig te maak dat hierdie dinge beskikbaar is.

Gee my die onderskeidingsvermoë om te weet wat sy/haar liggaam benodig, in terme van kos, water, oefening in vars lug en matige sonskyn, asook rus. Help my om die regte keuses te maak om hierdie dinge vas te lê in sy/haar gemoed sodat dit deel vorm van sy/haar leefstyl. Ek bid dat hy/sy ‘n positiewe assosiasie met gesonde kos sal ontwikkel en dat hy/sy dit maklik sal vind om gesonde kosse te eet. Gee ‘n begeerte vir selfdissipline om hierdie leefstyl te implementeer.

Om moontlike siektes te voorkom, vra ek dat U my wys op my verkeerde gewoontes, sodat ek dit kan verander. Ek vra dat U my wys op die geestelike bron daarvan, sodat ons dit kan aanspreek van binne af, wat dit makliker maak om gesonde gewoontes aan te leer. Ek vra dat sy/haar fisiese gesondheid die natuurlike gevolg van ‘n gesonde geestelike (en fisiese) omgewing sal wees.

Indien my kind siek word, help my om die regte mediese hulp te verkry. Gee my wysheid omtrent natuurlike middels. Gee U wysheid aan die mense wat help met ‘n diagnose. Ek bid vir akkurate diagnose en vir U genesing. Ek vra ook dat, indien die situasie van so ‘n aard is dat ons moet staatmaak op geloof en gebed, U ons die krag sal gee om na U te kyk sonder om te twyfel (Jak. 1:6, AOV), deur te vertrou op U goedertierenheid (Ps. 136:1, AOV).

Ek vra dit in die Naam van my Here Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Skrede na Christus*, Hoofstuk 8, Groei in Christus; *The Ministry of Healing*, p.234, gepubliseer 1905)

## Grootste en kosbare beloftes

*Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; … deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom. - Jesaja 53:5*

*Maak Ú my gesond, Here, dan sal ek gesond wees! Bevry Ú my, dan sal ek vry wees! Dit is vir U wat ek wil loof. … U is my toevlug op die dag van rampe. - Jeremia 17:14,17*

*… en Hy [Jesus] het hulle almal gesond gemaak. - Matteus 12:15*

## 12. Goeie Verhoudings in die Gesin

Dit was vir my 'n groot openbaring om agter te kom dat ons as mense geskape is na die beeld van God – na die beed van die verhouding tussen die Vader en die Seun, sodat daardie verhouding weerspieël word in die verhouding tussen man en vrou, vrou en haar kind, onderwysers en kinders, Jesus Christus en Sy kerk, ens, ens. Baie beginsels het in plek geval, veral toe ek die nederige onderdanigheid van Christus aan Sy Vader met ander oë aanskou het, asook die seën wat Sy Vader aan Hom gee. Ons as ouers, met ons sondes, skend baie kere die beeld van God wat ons aan ons kinders voorhou, maar steeds roep God ons weer terug tot hierdie heilige posisie. Ons as gesin leer steeds omtrent verhoudings in die gesin.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek vra dat U altyd teenwoordig sal wees in ons huis. Gee my leiding omtrent my tuisteskepping, sodat daar 'n hemelse atmosfeer in ons huis kan wees. Ek kan dit nie uit myself doen nie. Daarom vra ek vir U vergifnis vir my foute van die verlede en dank U vir U genadige, volle vergifnis. Dit is slegs deur U Gees dat daar sterk, stabiele verhoudings in ons gesin kan wees.

Ek vra dat U aan my kind goeie, stabiele verhoudings met elk van die ander gesinslede (noem spesifieke name) sal gee. Ek vra dat U die nodige geloof hiervoor in my kind plaas. Help my om U karakter en deug, 'n kennis van Christus, te weerspieël, sodat ons geduld en selfhebeersing aan die dag sal lê

teenoor al die ander gesinslede. Ek bid dat harde woorde, wanorde, klagtes en foutvindery nie deel sal vorm van ons huisatmosfeer nie. Help my kind om misverstande en geskille volgens die beginsels van onderdanigheid en vergifnis, sonder veroordeling op te klaar.

Laat U geduld, soos ons dit van Christus ontvang, in myself en my kind gesien word, om die helende hand van vrede en liefde in die huis te bring. Ek bid dat U tere en noue eenheid in ons nederige gesinskring gesien sal word as die gevolg van U teenwoordigheid in ons tuiste. Ek vra vir U goedheid en genade in hom/haar sodat hy/sy ‘n intieme verbintenis met die hemel sal hê. Jesus, ek nooi U uit om altyd ‘n gas in ons huis te wees sodat ons U beeld kan weerspieël en sodoende wys dat ons seuns en dogters van die Allerhoogste is.

Ek vra dit in die Naam van U Seun, Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Peter's Council to Parents*, ‘n preek van Ellen White oor 2 Pet. 1:5-11, pg. 15-21, ook gepubliseer in *The Review and Herald*, 21 Februarie 1888)

## Grootste en kosbare beloftes

*Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eensgesind saam woon! – Psalm 133:1*

*In alles moet jy self vir hulle 'n voorbeeld stel van goeie werk, suiwerheid in die leer, waardigheid in gedrag. – Titus 2:7*

*Ek wil my daaraan wy om opreg te lewe. … In my huis wil ek lewe in opregtheid, niks wat sleg is, wil ek nastreef nie. Ek haat wat verkeerd is. Dit mag geen houvas op my hê nie. Valsheid wil ek van my af weg hou, van kwaad wil ek niks weet nie. – Psalm 101:2-4*

## 13. Ware Opvoeding en Onderrig

Ek het twee van ons drie kinders vir drie jaar tuisonderrig gegee. Ek het agtergekom dat onderrig wat deur vrees geforseer word, nie baie ver gaan nie. Ek het alternatiewe metodes vir tradisionele skoolopvoeding ondersoek, maar kon nie die beginsels wat uiteengesit word, verstaan nie.

Kennis omtrent die Vader en die Seun, waar die Seun beide die krag en die wysheid van God is (1 Kor. 1:24), het my oë geopen om onderrig en opvoeding vanuit ‘n verhouding te verstaan. Kinders leer soveel makliker van iemand met wie hulle ‘n goeie verhouding het. Laat ons die Here vertrou dat Hy hierdie geleenthede aan ons kinders sal bied.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek kom na U in die Naam van Jesus Christus, U is die krag en die wysheid van ons hemelse Vader (1 Kor. 1:24). Ek vra dat U U wysheid in die hart en die lewe van my kind uitstort. Ek vra dat U my sal toerus met ‘n karakter wat U wysheid demonstreer.

Leer hom/haar ‘n gesonde insig in die vrees van die Here, wat die begin van wysheid is (Spr. 1:7; 9:10). Gee dat hy/sy verstandigheid verstaan, sodat hy/sy kennis kan weglê (Spr. 10:14), rig sy hart na wat voorgeskryf word, sodat hy/sy sal luister na woorde van kennis (Spr. 23:12).

Ek bid dat my kind vreugde in die leerproses by die skool sal vind. Ek bid dat U geheiligde onderwysers en rolmodelle in sy/haar lewe sal stuur van wie hy/sy maklik kan leer. Gee in hom/haar ‘n gewilligheid om te leer van die onderwysers, om hulle te sien as kanale van seën. Gee goeie kommunikasie met onderwysers en rolmodelle. Indien daar probleme opduik tydens die leerproses, gee asseblief aan die onderwysers insig en genade, sodat daar ‘n positiewe ondervinding aan beide kante kan wees.

Wys my hoe om my kind aan te moedig wanneer moeilikhede in die leer-ervaring opduik. Vergewe my vir die verkeerde dinge wat ek al gedoen het, as ek die wêreld se standaarde van kompetisie vir motivering gebruik. Gee my die goddelike geduld en wysheid wat ek nodig het om hierdie kind tot ‘n gelukkige volwassene te lei, een wat bruikbaar in U koninkryk is.

Dankie, hemelse Vader, dat ek as ouer kan rus in U belofte dat ons kinders deur U geleer sal word en dat hulle altyd vrede sal geniet (Jes. 54:13). Amen. (Bron: *Education*, deur E.G. White, sien bl. 17, 18 en 275)

## Grootste en kosbare beloftes

*My seun, neem aan wat ek jou sê, maak wat ek jou voorskryf jou eie, hou jou ore oop vir die wysheid, span jou in om te verstaan. – Spreuke 2:1-2*

*Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou. - Psalm 32:8*

*Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie. - Spreuke 22:6, AOV*

## 14. Blootstelling aan Invloede van Buite

*Ek het u woord aan hulle gegee, en die wêreld haat hulle, omdat hulle nie tot die wêreld behoort nie, … Hulle behoort nie tot die wêreld nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. – Johannes 17:14,16*

Daar is baie invloede van buite waaraan ons nie ons kinders wil blootstel nie. As jong moeder het ek my kinders aan die Here oorgegee lank voordat ek hulle aan enigiemand anders se toesig oorgegee het, selfs net vir ‘n kort rukkie. Iets waarmee ek gesukkel het, is om my kinders toe te laat om op ‘n jong ouderdom hul eie besluite te neem en terug te staan wanneer hulle foute maak, om selfs binne ‘n beskutte omgewing, die pynlike proses van mislukking toe te laat. Ten spyte van my foute, het God ons as gesin deur ‘n paar donker valleie gelei waar buite-invloede ‘n vernietigende uitwerking kon gehad het.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek bid vir die geestelike beskerming van my kind in hierdie wêreld, waar ‘n liefde vir U en U Woord afwesig is. Ek bid dat my kind die verskil tussen U seën en die wêreld se leë beloftes, deur advertensies, tydskrifte, televisie, internet, ens, sal insien. Help hom/haar om die skade, wat die wêreld se sogenaamde “seën” altyd inhou, raak te sien.

Open my kind se oë omtrent die skade gebring deur die wêreld wat homself afdwing aan almal, deur middel van aanvaarding wat slegs gegee word

aan die wat hulself onderwerp aan sy standaarde. Mag my kind U vriendelike uitnodiging na U gedekte tafel van seën aanvaar, sodat hy/sy sal aansit waar 'n maaltyd vir hom/haar voorberei is, met 'n beker wat oorloop (Ps. 23).

Gee my die wysheid om 'n omgewing van goeie invloede aan hom/haar beskikbaar te stel. Ek weet ek kan nie altyd my kind se keuses vir hom/haar uitoefen nie, daarom vra ek vir U wysheid gedurende sy/haar jonger jare, daardie jare wanneer my invloed die grootste gewig dra. Help my om my eie geneigdheid om mee te doen aan die wêreld, opsy te skuif. Gee my 'n verlange na U seëninge, en help my en my kind om waardering te hê vir alles wat U elke dag vir ons gee.

Wanneer wêreldse invloede kom van mense wat naby aan my kind is, vir wie hy/sy baie lief is, vra ek vir spesiale beskerming en vir 'n gesindheid by myself en my kind wat nie veroordeel nie. Ek vra om vergifnis vir my gesindheid van die verlede toe ek ander "slegter as ek" afgemaak het. Ek vra vir geduld en lankmoedigheid in myself en my kind, net soos die Gees van Christus wat geduldig is met my wanneer ek sondig.

Inspireer my kind om vriende met ander van sy eie ouderdom te maak wat hom/haar op 'n goddelike wyse beïnvloed, sodat hy/sy in die geselskap van die wyse omgaan om self wysheid te bekom (Spr. 13:20), eerder as die geselskap van dwase. Gee hom/haar die wysheid om genadig (en sonder oordeel) om te gaan met ander.

Dankie, hemelse Vader, dat U U seën uitstort oor die goeies en die slegtes (Matt. 5:45), deur U Seun, ons Here Jesus Christus. Dankie dat U Gees ons uiteindelik sal verseël van alle wêreldse invloede (Ef. 4:30, AOV). Amen.

(Bron: www.vadervanliefde.com)

## Grootste en kosbare beloftes

*Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak. So is die goddeloses nie. Hulle is soos kaf wat deur die wind uitmekaar gewaai word. Daarom sal goddeloses hulle*

*nie kan handhaaf wanneer die Here oor hulle oordeel nie en sondaars nie 'n plek hê in die vergadering van regverdiges nie. Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad, maar die pad van die goddeloses lei tot ondergang. - Psalm 1:1-6*

*Timoteus [voeg jou kind se naam in], bewaar wat aan jou toevertrou is. Vermy die onheilige en sinlose praatjies en die redenasies van die "kennis", soos dit verkeerdelik genoem word. Daar is mense wat daardie "kennis" aanhang en so van die geloof afgedwaal het. Die genade sal by julle [jou] wees! - 1 Timoteus 6:20-21*

## 15. Beskerming

*Julle moet nooit een van hierdie kleintjies minag nie, want Ek verseker julle dat hulle engele in die hemel gedurigdeur by my hemelse Vader is. - Matteus 18:10*

Hierdie vers dui vir my aan dat die engele wat ons kinders oppas, mekaar gedurigdeur aflos, sodat die engele wat van diens is gedurigdeur by ons hemelse Vader is. Hierdie engele het dan die kans om ons hemelse Vader se aangesig te sien (sien Ou Afrikaanse Vertaling) sodat hulle Sy liefde vir kinders en Sy verlange dat NIKS ooit sal verkeerd loop met die kinders onder hulle beskerming, kan indrink.

Beskerming word klaarblyklik belangriker wanneer die kinders tieners en jong volwassenes word. Die sondes van ons kinders kan verhoed dat die beskerm-engele hul dienste kan doen, nogtans is daar geen veroordeling en beskuldigings teen hulle uit die hemelse howe omtrent sonde wat skade aanrig nie.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek kom vra in die Naam van Jesus Christus vir beskerming vir my kind. Ek onderwerp my aan U volmaakte wil vir hom/haar. U belowe om ons te beskerm van siekte, ongelukke en ander vernietiging. Ek vra nederig dat U my wys waar ek openinge in my kind se beskerming laat, deur U beskermende

wette te veronagsaam. Ek weet dat U my my swakhede sal uitwys deur U sagte Gees en dat U my die krag sal gee om daarteen op te staan. Dankie vir die vergifnis wat U gee aan elke boetvaardige sondaar.

Dankie dat U nie ongelukke veroorsaak nie, ook nie siekte en ander vernietiging bring nie. Dankie dat U ons bewus maak van ons sonde en ons terugbring na U teenwoordigheid waar daar volkome beskerming is. Ek vra dat, in die geval van vernietigende gebeure, dat U ons daardeur sal lei, na volledige herstel, waar ons weer in U volkome beskerming kan wees.

Vader, ek vra in die Naam van Jesus Christus en deur die bloed van Christus, vir my kind se bewaring van die bose, na gees, siel en liggaam. Dankie dat U U engele opdrag gee om hulle te beskerm waar hulle ook al gaan (Ps.91:11). Dankie dat ek kan staatmaak op U beloftes van beskerming, dat U my toevlug en veilige vesting is, my God op wie ek vertrou (Ps. 91:2).

Laat U wil geskied. Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

(Bron: www.vadervanliefde.com)

## Grootste en kosbare beloftes

*Want Hy steek my weg in sy hut in die dag van onheil; Hy verberg my in die skuilplek van sy tent; Hy verhef my op 'n rots. En nou sal my hoof hoog wees bo my vyande rondom my, en ek wil in sy tent offerandes offer saam met trompetgeklank; ek wil sing, ja, psalmsing tot eer van die HERE. Hoor, o HERE, ek roep luid; en wees my genadig en antwoord my. Van U sê my hart: Soek my aangesig! Ek soek u aangesig, o HERE! – Psalm 27:5-8, AOV*

## 16. Lewenskeuses: 'n Antwoord op die Vraag "Wie is God?"

*Waarlik, wie anders as die Here is God? Ja, wie anders as ons God is 'n rots? - Psalm 18:32*

Ek het as jongmens nooit die waarhede in die Woord van God verwerp nie. Ek het nooit 'n vers soos die een hierbo bevraagteken nie. Deesdae wil dit

voorkom of baie nuwe denkpatrone, asook negatiewe lewenservarings, ons kinders beïnvloed sodat hulle die algemeen-aanvaarde geloof heroorweeg. Ek is dankbaar dat my kinders (tot op hede) nog nie hul geloof oorboord gegooi het nie, ten spyte van moeilike omstandighede tydens groot veranderinge, met geloofsuitdagings. In die tye wat ons groot veranderinge in ons geloofsoortuigings gemaak het, het ek baie male (in middernagtelike ure) die Here gevra om ons kinders te beskerm teen geestelike “noodlottige beserings” wat kan voorkom terwyl ons as ouers besig is om nuwe oortuigings uit die Woord van God deur te werk. Ek dank die Here vir Sy goedertierenheid, dat ons drie kinders self die nuwe materiaal bestudeer het en gewillig was om saam met ons ons nuwe oortuigings omtrent God op te neem.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek benodig U goddelike hulp om die denke van my kind te lei in sy/haar kinderjare tot wanneer hy/sy groot genoeg word om lewenskeuses te maak, veral as dit by vrae omtrent U karakter kom. Ek besef hy/sy moet self leer om logies te redeneer omtrent wie U is, hoe U optree, wat U doen en nooit sal doen nie, hoe U ons verlos van sonde, hoe ons moet lewe en hoe hierdie lewe beëindig word.

Wanneer hy/sy groot genoeg is om tot gevolgtrekkings te kom omtrent die vrae van die lewe, bring asseblief die regte informasie voor hom/haar wat hom/haar in staat stel om logiese gevolgtrekkings te maak. Bring rolmodelle in sy/haar lewe wat die waarheid van U weë demostreer. Help hom/haar om antwoorde by U te soek en om elke gees afkomstig van menslike antwoorde te toets (1 Tess. 5:21). Help my om hom/haar te leer om weg te skram van teorieë en argumente wat berus op die oorlewering van mense, beide deur my voorbeeld en deur met hom/haar te gesels daaroor (Kol. 2:8). Lei my om woorde van wysheid, volgens die behoefte en persoonlikheid van my kind, te spreek (Spr. 22:6).

Wanneer hy/sy begin grootword en die lewensvrae begin vra, veral as dit kom by die waarhede in U Woord, as hy/sy teenstrydighede optel in U Woord, vra ek dat U sy/haar gedagtes mag lei. Vader, ek het U wysheid en U Gees nodig om die regte woorde te spreek, om moeilike situasies in eenvoudige terme te verduidelik, sodat dit vir my kind verstaanbaar is. Ek vertrou dat U my woorde

sal lei en geleenthede sal skep om oor moeilike onderwerpe, op die regte tyd te gesels. Wys my hoe om dinge in die natuur te gebruik om lewenswaarhede oor te dra, volgens die voorbeeld deur Jesus self gestel toe Hy mense onderrig het (Matt. 6:30).

Dankie dat U Woord eenvoudige en duidelike antwoorde op lewensvrae bied. Dankie dat ons na U kan draai met enige vrae, enige kwessies, vir eenvoudige en verstaanbare antwoorde.

Ek vra hierdie dinge in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen.

(Bron: www.vadervanliefde.com)

## Grootste en kosbare beloftes

*Luister na wat ek jou leer, my volk, luister aandagtig na wat ek sê. Ek gaan 'n gedig voordra, ek gaan julle inlei in geheimenisse uit die verre verlede. Wat ons gehoor het en wat ons weet, wat ons vaders ons vertel het, sal ons vir ons kinders nie verswyg nie. Ons sal aan die volgende geslag vertel van die roemryke dade van die Here en van sy mag, van die wonderdade wat Hy gedoen het. - Psalm 78:1-4*

*Hy het aan Jakob sy voorskrifte gegee, aan Israel sy onderwysing. Hy het ons voorvaders beveel om dit aan hulle kinders bekend te maak, sodat die volgende geslag dit kan weet en die kinders wat nog gebore sal word, dit weer aan húlle kinders kan vertel. So sal hulle dan op God vertrou en nie vergeet wat Hy gedoen het nie, maar gehoorsaam wees aan wat Hy beveel het. – Psalm 78:5-7*

## 17. Lewenskeuses: 'n Lewensmaat

*Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke." … Toe sê die mens [Adam]: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy 'vrou' genoem word; sy is uit die man geneem." - Genesis 2:18, 23*

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek vra dat my kind ‘n lewensmaat sal vind wat ‘n ware metgesel en kameraad vir hom/haar sal wees. Mag die keuse vir beide op fisiese en geestelike gebied, asook op sielsvlak, seën inhou, sodat hulle saam ‘n seën vir die gemeenskap en vir U kan wees. Mag hulle in eenheid wees omtrent wie U is en omtrent die verlossingsplan, sodat al hul belange saam ‘n heilge vereniging kan vorm. Mag hy/sy iemand vind saam met wie hy/sy ‘n rein en heilige atmosfeer in die huis kan handhaaf.

Gee hom/haar wysheid vanuit Skrifgebaseerde beginsels om ‘n goeie keuse te maak. Help hom/haar om op ‘n vroeë stadium van die verhouding karaktergebreke te identifiseer. Help hom/haar om die Christelike karaktereienskappe wat nodig is vir ‘n lewenslange, suksesvolle vereniging raak te sien en om ‘n maat te kies wat daardie eienskappe dra, sodat enige gedagte aan ‘n toekomstige egskeiding totaal onnodig is. Ek vra vir goddelike beskerming van die vyand se bedrog. As my kind ‘n temperament dra waarin die sensasionele en emosionele deel verder ontwikkel is as die intelektuele, vra ek vir hom/haar om te groei in ononderbroke toewyding aan U. As hy/sy die verkeerde besluit omtrent ‘n toekomstige lewensmaat neem, vra ek dat sy/haar hart sal oop wees vir inspraak op die regte tyd en lei hulle op ‘n pad wat sal toelaat vir ‘n beëindiging van die verhouding op ‘n manier wat respek vir U en U Naam handhaaf.

Ek bid dat my kind lewenslank een maat sal hê, tensy dit U wil is dat hy/sy ongetroud bly.

Ek vra nederig dat U my kind edele en hoë standaarde sal gee en dat hy/sy op ‘n platform van ewige waarhede sal wees, sodat sy/haar gawes en talente maksimaal benut sal word wanneer hy/sy met ‘n lewensmaat verenig. Mag hulle saam die pad stap in diens van Christus.

Ek vertrou U dat hierdie besluit tot ‘n lewensmaat NIE gebaseer sal wees op dwaasheid, dwang of enige vrees nie, maar eerder ‘n gewillige onderdanigheid aan God se wil en aan *agape* liefde.

Laat U wil geskied in hierdie verband. Ek vra dit in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Letters to Young Lovers*, deur Ellen White; *Oorspronklike Liefde*, deur Adrian Ebens.)

## Grootste en kosbare beloftes

*Twee is beter as een, want hulle het 'n goeie beloning vir hulle moeitevolle arbeid. Want as hulle val, kan die een sy maat optel. … Verder, as twee bymekaar lê, kry hulle warm; maar hoe kan een allenig warm word? En as iemand die een aanval, kan altwee hom teëstand bied; en 'n driedubbele lyn word nie gou verbreek nie. – Prediker 4:9-12, AOV*

*Wie 'n vrou gevind het, het iets goeds gevind en 'n welgevalle van die HERE verkry. – Spreuke 18:22*

### 18. Lewenskeuses: Intieme Leefstyl

Een van my grootste vrese omtrent my kinders was dat hulle verkeerde keuses sal maak. My grootste uitdagings was wanneer ek moes terugstaan wanneer hulle die verkeerde keuses maak, sodat hulle die uitkoms self kan trotseer. Die lering oor die Vader en Seun het my gewys dat hulle keuses grootliks beïnvloed word deur my keuses. Elke keer as een van hulle voor 'n lewenskeuse kom, moes ek terugstaan en die Here vra om my te vergewe vir my eie verkeerde keuses van die verlede, en die Here vertrou vir spesiale beskerming en leiding vir my kinders, sodat my invloede wat ek onbewustelik aan hulle oordra, hulle op 'n positiewe wyse sal beïnvloed.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek kom na U vir hierdie baie sensitiewe saak: my kind se beskerming van fisiese en emosionele skade wat deur seksuele sondes of blootstelling opgedoen kan word. Ek vra vir U beskerming in hierdie wêreld met sy oormatige blootstelling aan seksuele versoekings.

Ek vra dat my kind sekuseel rein sal bly tot die troudag. Help my om in duidelike terme aan hom/haar die verband tussen die geestelike en fisiese verhoudings te verduidelik, dat die fisiese 'n uiterlike manifestasie is van wat in die hart is. Ek vra vir reinheid van hart, van gedagtes en emosies wat sal

verhoed dat hy/sy in ‘n fisiese verhouding op gevaarlike terrein sal beweeg. Mag Jesus die bron van sy/haar troos wees, sodat dit onnodig is om vertroosting in die arms van enige mens te soek.

Help hom/haar om keuses te maak wat die beskerming van U wet sal verstewig. Lei hulle om gesonde grense in die fisiese verhouding vas te stel, sodat grense slegs gestel word om die hart na U te draai, om opreg voor U te bly en troos by U te vind.

Ek vra vir beskerming van gebeure buite my kind se beheer wat skade kan bring op hierdie terrein. Weerhou hom/haar van die versoeking om seksuele sonde te pleeg. Help hom/haar om wellus in die hart, wat kan lei tot seksuele sonde, te oorkom. Ek vra dat hy/sy geen seks voor die huwelik sal hê nie, en ook slegs met sy/haar eie lewensmaat.

Gee asseblief aan my die nodige wysheid om my kind deur die ontwikkelingsjare omtrent hierdie sensitiewe onderwerp te lei. Help my om U doel omtrent seks binne die huwelik te verduidelik.

Dankie vir U troos, U genade en *agape* liefde wat ons in die dag van versoeking beskerm.

Ek vra dit volgens U wil, in die Naam van Jesus Christus, ons Trooster. Amen.

(Bron: *Trooster*, deur Adrian Ebens)

## Grootste en kosbare beloftes

*Wat ek jou voorskryf, is 'n lamp, my onderrig is 'n lig; wie hom laat teregwys, is op die pad na die lewe toe. My onderrig sal jou beskerm teen die slegte vrou van 'n ander wat jou met haar gladde tong wil verlei. – Spreuke 6:23-24*

## 19. Lewenskeuses: ‘n Loopbaan

Elke kind moet sy eie keuse maak oor wat hy/sy met sy/haar lewe wil doen. Ek het te laat agtergekom dat ek nooit die voorbeeld van Jesus Christus se aardse lewe en bedieing (Sy loopbaan) onder hulle aandag gebring het nie,

naamlik 'n voorbeeld van diens aan ander (Luk. 22:27). Hy het begin as 'n skrynwerker, en afgesluit deur Sy dissipels se voete te was. Dit wil vir my voorkom of die moderne lewe wegskram van diens aan ander, maar eerder klem plaas op verdienste van finansies om die nodige behoefte, en ook begeertes, te voorsien, met die minste moeite. Baie loopbaankeuses is geskoei op menslike sondige praktyke, en wysheid is nodig om rondom hierdie wêreldse toepassing van wysheid en selfsug te werk.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek kom na U in die Naam van Jesus Christus, en vra dat U wil geskied in die keuse van 'n loopbaan vir my kind. Hy/sy besef dalk nie sy/haar uiterste afhanklikheid van U oor hierdie kritieke keuse nie.

Laat hy/sy die belangrikheid insien om deur die verdienste van inkomste ander te dien, deur hul nood en behoeftes aan te spreek, en bo alles, om U te dien. Help my kind om die belangrike posisie van die kruis van Christus korrek te plaas binne sy/haar loopbaankeuse, om 'n inkomste te verdien deur ander te bedien. Help hom/haar om in hierdie keuse weg te beweeg van selfsug.

Ek plaas sy/haar weë aan U voete en vra dat U die nodige finansies sal voorsien vir die nodige voorbereiding en opleiding. Help my om my kind aan te moedig om talente te ontdek en effektief te ontwikkel. Gee aan hom/haar geleentheid om vaardigheid in die werkplek te ontwikkel.

Help ons om in hierdie belangrike keuse weg te beweeg van die konvensionele wêreldse leefstyl, wat lei tot onchristelike selfsug.

Ek vra dat hy/sy sal opstaan teen 'n tekort aan energie of deursettings-vermoë, en dat hy/sy nooit sal tevrede wees met enigiets minder as dit waarvoor U hom/haar geroep het nie. Maak aan hom/haar duidelik hoe belangrik dit is om van U goddelike krag afhanklik te wees. Help hom/haar om nie sekulêre eer te soek nie, ook nie 'n moeitelose werk nie, sodat hy/sy dalk opeindig in 'n werk wat hom/haar nie pas nie.

Gedurende sy/haar voorbereidingsjare vir 'n loopbaan, vra ek vir talle geleenthede vir hom/haar om ander te dien en om in die daaglikse lewe betrokke te wees, om te verhoed dat hy/sy voeling verloor met die gewone lewe as gevolg van akademiese druk, sodat hy/sy onvoorbereid is vir die uitdagings van die lewe.

Vader, verwyder my menslike oordeel oor my kind en help my om hierdie kind voor te berei vir die hoogste diens: om U te dien. Ek kan dit nie self doen nie; ek benodig ‘n groot mate van die Gees van Christus. Ek vra dat U wil sal geskied in my kind se loopbaankeuse. Ek bid dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Education*, deur Ellen White, Hoofstuk 31, *The Life Work*)

## Grootste en kosbare beloftes

*“Kyk, Ek het vir Besaleël uitgekies. Hy is 'n seun van Uri, seun van Gur uit die stam Juda. Ek het hom toegerus met my Gees sodat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen: ontwerpe maak en dit in goud, silwer en brons uitwerk, edelstene verwerk en monteer, en houtwerk doen. Hy sal enige werk kan doen. Ek het vir Oholiab, seun van Agisamak uit die stam Dan, aangestel om saam met hom te werk. Aan elke vakman het Ek vaardigheid gegee sodat hulle alles kan maak wat Ek jou beveel het. - Eksodus 31:2-6*

## 20. Lewenskeuses: Om Nie te Veroordeel nie

Ek het grootgeword met die lering dat God ‘n hemelse Vader is wat mense veroordeel wanneer hulle nie Sy wette nakom nie. Ek het nie altyd die korrekte beginsels aan my kinders oorgedra nie. Ek kan net om vergifnis vra vir my sondes van die verlede gepleeg uit onkunde en vir die sonde van my kinders wat deur my keuses veroorsaak is.

Die Here het my op ‘n wonderbaarlike wyse gebring op ‘n plek waar ek Hom as Vader kan ervaar:

*“… die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, …” - Eksodus 34:6-7*

*"Self veroordeel die Vader niemand nie, maar die oordeel het Hy geheel en al aan die Seun oorgelaat." – Johannes 5:22*

*"Julle oordeel oor iemand volgens sy uiterlike; Ek [Jesus] oordeel oor niemand nie." – Johannes 8:15*

Ons Vader wat in die hemel is,

Dankie vir U belofte dat "al jou kinders deur die HERE geleer [sal] wees (Jes. 54:13). Ek benodig U hulp om hom/haar te onderrig omtrent U sagte Gees sodat hy/sy ophou om ander te veroordeel deur ander se foute uit te wys, sodat ander in 'n swakker lig gestel word as hy/sy. Help my om my eie veroordelende optrede reg te stel; mag my kind dit raaksien en daaruit leer.

Help my kind om te onderskei wanneer sy/haar eie keuses 'n vloek in sy/haar lewe bring (Ps. 34:22). Wys hom/haar dat U altyd bereid is om in enige situasie genade te betoon. Help my kind om die vyand – Satan – te identifiseer as die aanklaer (Open. 12:10). Dankie dat U ons sagkens terugbring na U wanneer ons wegdraai van U weë (Jes. 63:9-14). Gee my kind asseblief 'n duidelike uiteensetting van die weg van genade wat U met ons elkeen stap, veral wanneer U Uself omring met duisternis terwyl hy/sy in die duisternis van sonde is (Eks. 20:18-21; Ps. 97:2-3 teenoor Ps. 98:2-3).

Help hom/haar om U sagte roepstem (en somtyds U dringende stem), wat hom/haar terugroep na U, te erken (Spr. 1:20-33).

Leer my kind die sagmoedige gees van onderskeiding sonder veroordeling (Rom. 2:1). Gee aan hom/haar die gees van 'n dienskneg van God sodat hy/sy met verstandigheid U wette kan leer ken (Ps. 119:125). Dankie dat ek U volkome kan vertrou om my en my kind te leer om nie meer veroordelend op te tree nie, maar in die vryheid van U wet en U weë te leef (Jak. 2:12).

Mag U wil in my en my kind se lewe geskied. Ek vra dit in die Naam van U Seun, Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Volgens Jou Oordeel*, deur Adrian Ebens)

## Grootste en kosbare beloftes

*"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees." – Rom. 8:1*

*Die wat u wet liefhet, het groot vrede, en vir hulle is daar geen struikelblok [van veroordeling] nie. - Psalm 119:165 [woorde in hakies ingevoeg]*

*"Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. …. En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos." - Johannes 3:17,19*

## 21. Die Wet van God: Een ware God

Die Bybel noem die beginsel van God se spesiale aandag aan kinders met ouers wat nie aan Hom toegewy is nie.

*Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak… nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek [om spesiale aandag te skenk] aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou. – Eksodus 20:2-6*

Ek benodig daardie spesiale aandag van God vir my kind, want saam met alle ouers ontbreek dit my aan die heerlikheid (karakter) van God (Rom. 3:23). Vir meer besonderhede, verwys na die boek *Volgens Jou Oordeel*, deur Adrian Ebens, hoofstuk 22 – *Die Regterstoel van Christus*, gratis beskikbaar op www.vadervanliefde.com.

Ek het baie maal in die verlede die beginsels van God in ons huis afgeforseer. Ek verstaan nou dat God se *agape* liefde nooit afgedwing kan word nie. Ek het hiervoor vergifnis gevra (en ontvang). My hart loop oor van dankbaarheid teenoor ons Vader vir Sy vergifnis.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek kom in die Naam van Jesus Christus om U te vra dat U aan my kind 'n helder beeld van U as sy/haar enigste ware God sal gee (Eks. 20:2,3). Help hom/haar om dinge te identifiseer wat meer belangrik as U word: mense, werk, aktiwiteite, of enige toewydings. Help hom/haar om elke oggend alles aan U toe te wy en om sy/haar prioriteite te orden volgens Bybelse standaarde. Help hom/haar om balans te vind tussen 'n vol lewe, en aan die ander kant, oorstimulasie en toewyding wat te veel vra en hom/haar dreineer. Ek bid dat enige oormoegheid hom/haar sal terugbring na U arms om volledige herstel en rus te vind.

Ek vra dat U aan my kind spesiale besoek sal bring en met sorg sal omsien na hom (Eks. 20:5). Wys hom/haar hoe U oordeelsproses werk en deponeer 'n groot mate van U *agape* liefde in hom/haar. Help my om weg te draai van my eie weg van smart, sodat ek my kind op die regte wyse op U ewige weg kan lei (Ps. 139:24).

Help my om U *agape* beginsels in my huis te implementeer, met die nodige dringendheid, sonder om dit af te dwing. Help my om soos U te maak wanneer ek my kinders leiding gee om 'n nouer verhouding met U te hê en in die kennis van God te groei.

Help my kind om die wêreld se manipulasie, wat mense oorhaal om verder te sondig en wat net tot die dood lei, te herken. Stuur U engele om my kind te beskerm voordat hy/sy (dalk onwetend) in hierdie wêreld se dinge vasgedraai word. Dankie vir U volle beskerming wanneer ons ons rug op die wêreld draai en in U *agape* liefde inbeweeg.

Dankie vir die volle vergifnis en troos wat ek in oormaat by U kan ontvang. Dankie vir vryheid van sonde en vir herstel, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Volgens Jou Oordeel*, deur Adrian Ebens, Hoofstuk 22 – *Regterstoel van Christus*)

## Grootste en kosbare beloftes

*Die Here jou God sal jou dan voorspoedig maak in alles wat jy aanpak en Hy sal jou kinders, die aanteel van jou vee en die opbrengs van jou*

*land baie maak, sodat dit met jou goed sal gaan. Wanneer jy die Here jou God gehoorsaam en sy gebooie en voorskrifte nakom wat opgeteken is in hierdie wetboek, en wanneer jy met hart en siel terugkom na die Here jou God, sal Hy Hom weer oor jou verbly soos Hy Hom oor jou voorvaders verbly het en sal dit met jou goed gaan. – Deuteronomium 30:9-10*

## 22. Die Wet van God: Misbruik van die Naam van die Here

*Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.–Eks. 20:7*

Die Here God van die hemele het aan ons ‘n dierbare Naam gegee waarop ons Hom kan aanspreek, naamlik ons Vader. Ek het redelik onlangs geleer dat die Naam en heerlikheid van God ook na die karakter van God verwys. (Sien Eks. 33:18,19, en verwys na Eks. 34:5,6.) Dit het my oë geopen vir baie Bybelse beginsels. Ons wil hê dat ons kinders waarde aan die Naam van God heg, sodat hulle nie daardie Naam misbruik nie.

Ons Vader wat in die hemel is,

Leer my kind om ‘n goddelike eerbied (vrees) vir U Naam en U karakter te hê, sodat dit vir hom onmoontlik maak om U Naam te misbruik.

Help hom/haar om selfbeheersing te toon wanneer frustrasies en uitdagings na vore kom, wat onrein woorde uit sy/haar mond kan voortbring. Ek vra vir ‘n wag voor sy/haar mond. Help hom/haar om insig in die bron van die frustrasies te bekom, want baiemaal kom dit vanuit iemand anders se innerlike lyding as gevolg van sonde.

U het ons ‘n stem gegee om ons gedagtes en emosies uit te druk. Daarom vra ek vir emosionele stabiliteit en volwassenheid in tye wanneer my kind uitdagings ervaar. Help hom/haar om woorde van lewe vanuit ‘n hart vol van U Gees te spreek. Maak sy/haar woorde ‘n kanaal van U seën. Help hom/haar om rein woorde met vol ronde klanke te kommunikeer, woorde wat van goedhartigheid en goeie maniere getuig.

Wanneer my kind dit nodig vind om woorde van berisping of regstelling te spreek, veral as iemand U Naam misbruik, gee hom/haar ‘n sagte stemtoon, sodat die inspraak en krag aan die oortuiging aan die Gees van God, wat werk op die hoorder se hart, oorgelaat word. “Laat die woord [van my kind] gesond en onweerspreeklik wees, sodat die teëstanders beskaam kan word en niks slegs kan hê om van julle te sê nie.” (Titus 2:8).

Ek vra vir U genade in my eie lewe sodat ek woorde van seën kan spreek oor my kind se lewe, sodat sy/haar woorde 'n lewensgeur is wat lewe wek vir dié wat gered word (2 Kor. 2:16).

Ek vra dat U wil geskied, in die Naam van U Seun, Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Die Gelykenisse van Christus*, Hoofstuk 25: Talente, Spraak; *Christ Object Lessons*, Hoofstuk 25: Talents, The Talent of Speech)

## Grootste en kosbare beloftes

*Mag die Naam van God altyd geprys word, Hy aan wie die wysheid en die mag behoort. - Daniël 2:20*

*Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het! - Psalm 8:2*

*Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God. - Psalm 20:8*

*Soos u Naam, o God, so is u roem tot die eindes van die aarde toe; u regterhand is vol geregtigheid. - Psalm 48:11*

## 23. Die Wet van God: Sabbatsonderhouding

*“Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op*

*die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig. - Eksodus 20:8-11*

My hart loop oor van dankbaarheid teenoor die Here vir die spesiale tye van verkwikking wat vanuit die groot liefdeshart van God aan ons gegun word. Vir my is hierdie tye geleenthede om onsself aan Hom en Sy Woord toe te wy, en ook om saam met medegelowiges te kuier, tye wanneer ons kan wegbreek van die wêreld en van die week se verantwoordelikhede, om onsself weereens aan God toe te wy. Ek leer steeds hieroor. Die rus, wat ek gedurende hierdie tye van God ontvang, word aan my kinders oorgedra deur die manier waarop ek hierdie tye eer. Dit syfer deur na die mense met wie ons in die alledaagse lewe omgaan, soos water wat deur grond syfer om lewe te bring aan die plante wat daar groei.

Ons Vader wat in die hemel is,

Dankie vir die spesiale gawe van die Sabbat en die beginsel van rus.

Ek vra dat my kind sal onderskei tussen sabbatsonderhouding wat op goeie werke gebaseer is, en sabbatsonderhouding wat sy grondslag in rus vind, sodat hy/sy in U arms rus, Vader.

Help my (as ouer) om ons sabbatte so deur te bring dat dit tye van lofprysing aan U insluit, asook tye van diepe gebed en tye van studie uit U Woord, tye om te gesels oor die Here se seën in die verlede, tye om die geestelike honger van ander te verlig. Verlig my verstand met buitengewone idees en gee geleenthede om my kind die ware betekenis van sabbatsonderhouding te leer. Mag my kind vreugde vind in al ons sabbatsaktiwiteite. Maak sy/haar hart oop om die kosbaarheid van die Sabbat te ondervind, veral wanneer die eindtye met sy onrus om ons ontvou.

Dankie vir die maandelikse en jaarlikse tye van heilige rus. Ek bid dat my kind waarlik sal begeer om op ‘n betekenisvolle wyse daaraan deel te neem, sodat dit nie afgeforseer word nie, maar eerder kom vanuit ‘n hart wat begeer om met U en ander gelowiges te wees.

Leer my kind omtrent die Sabbat as ‘n teken van heiligmaking en gehoorsaamheid, as ‘n teken van U Heilige Gees, dat, binne ware Sabbatsonderhouding, beide heiligmaking en gehoorsaamheid ontvang word van U Seun, Jesus Christus, die Here van die Sabbat (Matt. 12:8). Leer ons

omtrent die verseëling in die Gees van God wat gedurende sabbatsure plaasvind, wanneer ons tyd met U deurbring. Leer my en my kind die ware betekenis van die kruis reg in die hartjie van die verlossingsplan en die sabbat reg in die hartjie van die wet.

Mag die Sabbat aan die hom/haar 'n boodskap van ware vreugde en vryheid van sonde en skuld dra. Ek vra dit in die Naam van ons Here Jesus Christus, ons bron van rus. Amen.

(Bron: *Observance of the Sabbath*, 6 Tes 349-368; asook *Sabbatsfontein*, deur Adrian Ebens, die gedeelte "Geen Sabbat sonder 'n offer")

## Grootste en kosbare beloftes

*Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om 'n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig. - Eségiël 20:12*

*"…en heilig my sabbatte; en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die HERE julle God is." - Eségiël 20:20*

*As jy jou voet terughou van die sabbat—om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek. Jesaja 58:13-14*

## 24. Die Wet van God: Eer jou Vader en jou Moeder

*Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee. – Eksodus 20:12*

God het genadiglik aan ons as ouers die voorreg gegee om die seëning van God aan ons kinders oor te dra. As ouers het ons die voorreg en edele verantwoordelikheid om deel te vorm van ons kinders se direkte kanaal van

seën vanaf die hemel. Ons het nodig dat God ons en ons kinders onderrig omtrent hierdie struktuur van seën: nederige onderdanigheid aan gesag en dankbaarheid vir seën ontvang.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek dank U in die Naam van Jesus dat U aan ons 'n kanaal van seën voorsien.

Help my om deur my dade teenoor my man (en enige ander gesag in my lewe) hierdie beginsels aan my kind te demonstreer.

Ek wil graag hê dat my kind die rede vir die belofte van 'n lang lewe insien wanneer ons ons ouers eer en dus onderdanig aan gesag is. Help hom/haar om U te vertrou vir alles wat hy/sy benodig, selfs vir die lewe wat ons elke oomblik van U ontvang. Help hom/haar om in gehoorsaamheid en dankbaarheid by U te kniel, om dankbaar te wees vir die lewe wat U van oomblik tot oomblik gee (Hand. 17:28), asook al die ander dinge wat hy/sy benodig.

Ìn gevalle waar daar onenigheid was tussen my en my man oor kinderopvoeding, vra ek U vergifnis waar ek hom voor ons kinders oneer aangedoen het. Ek vra vir eenheid oor ons kinders se opvoeding tussen ons as ouers. Ek vra dat U my kind se hart, siel en verstand in onderdanigheid en gehoorsaamheid aan beide sy/haar ouers en grootouers, sal bring.

Ek vra dat my kind die uitgebreide seën van gesag buite die gesinstruktuur in die gemeenskap sal waardeer. Maak vir hom/haar duidelik hoedat onderdanigheid aan die wêreld se gesag die kanaal van seën vanaf U, hemelse Vader, die Bron van alle lewe, oopmaak.

Terwyl ons in die laaste dae inbeweeg, wanneer wêreldse gesag U Naam en beginsels misken, wanneer gehoorsaamheid aan U en aan die wêreld nie ooreenkom nie, vra ek dat U my kind sal versterk, om die nodige kennis en karakter te openbaar sodat hy/sy die saak op 'n goddelike wyse hanteer. Ek vra vir 'n nederige gesindheid en liefdevolle onderdanigheid aan U en U wil in alle omstandighede.

Ek vra dit in die Naam van U Seun, Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Lewenskwessies*, deur Adrian Ebens)

## Grootste en kosbare beloftes

*Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. "Eer jou vader en jou moeder" is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by: "sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde." En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil. – Efesiërs 6:1-4*

*Dink na oor wat ek sê; die Here sal jou insig gee om alles te verstaan. - 2 Timoteus 2:7*

## 25. Die Wet van God: Jy mag nie Moordpleeg nie

*Jy mag nie moord pleeg nie. - Eksodus 20:13.*

Ek het grootgeword met die idee dat die oorloë van die Ou Testament deur God goedgekeur en selfs deur Hom geïnisieer is. Ek het eers onlangs geleer dat God lewe gee en nooit lewe neem nie (2 Sam. 14:14). Op die manier wat ek dit voorheen verstaan het, mag hierdie geloof tot baie teenstrydighede in die Bybel lei. Om hierdie teenstrydighede op te los was nie maklik nie. Dit is deur ure se Bybelstudie met 'n ondersoekende hart gedoen. Ek is nou oortuig dat God glad nie lewe neem nie, maar die beginsels waarmee ek my kinders grootgemaak het, was anders. Ons het saam die Bybel ondersoek en vir baie foute van die verlede vergifnis gevind. Ons het geleer dat die woede (of toorn) van God beteken dat die Here Sy aangesig van ons wegdraai, sodat ons onbeskerm teen die aanslae van die vyand gelaat word.

Ons Here Jesus Christus het ons geleer dat ons kwade gevoelens van woede teenoor ander op moord neerkom (Matt. 5:21,22). Deur weg te stap van die geloof dat God kwaad word en doodmaak in Sy woede, is sekerlik 'n aanmoediging om van woede teenoor ander weg te beweeg. Deur die oë op God te hou, word jy na die beeld wat jy van Hom het, verander.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek vra dat U my die wysheid gee om my kind te leer dat geen mens lewe mag neem nie, want U neem nie lewe nie (Eks. 20:13). Help my om die regte woorde te vind sodat ek die verse in die Bybel, wat klink of dit hierdie gedagte weerspreek, duidelik te kan maak.

Ek vra nederig om my te vergewe dat ek eens gedink het dat U 'n Vader is wat die rug draai op liefde wanneer U kwaad word vir sondaars, dat U sondaars wil stenig en met die dood wil straf. Ek loof U dat U die oënskynlike teenstrydighede omtrent U en U karakter in U Woord, opgelos het; dat U ons gewys het dat U altyd genadig, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou is (Eks.34:6). Dankie dat U nooit kwaad word nie en dat U genade en liefde tot in ewigheid duur, maar dat U saam met ons die pad stap om ons sonde te herken, dat U altyd by ons pleit om terug te draai na U met sonde-belydenis (Ps. 32:1-5; Jes. 63:9). Vader, ek en my kind het hulp nodig om te verstaan hoe die prosesse betrokke by die vervanging van die hart van klip met die hart van vlees, werk (Eseg. 11:19). Vader, ons benodig U wysheid en 'n dieper liefdevolle verhouding met U (Spr. 3:3).

Help my kind om te verstaan dat 'n mens wat kwaad word, nooit seën en vrede dra nie (Jak. 1:20), en dat U woede deur 'n diepe droefheid en hartseer oor die verkeerde dinge wat gedoen is, manifesteer. Help my kind om hierdie dinge in gebed na U te neem. Help hom/haar om misverstande en teenstrydighede in die Woord met 'n nederige hart op te klaar. Plaas goddelike redeneringsvermoë in sy/haar karakter. Mag sy/haar emosionele reaksie van woede vanuit U Woord verkry word. Wys hom/haar die krag van vergifnis. Ek steun volkome op U om my kind, en myself, in hierdie verband te verander. Was my met U bloed en U genade in spanningsvolle tye, sodat my kind deur my U reaksie van liefde, teerheid en vergifnis kan waarneem.

Ek vra dit in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen.

## Grootste en kosbare beloftes

*Ons sal almal sterf ... God wil geen lewe neem nie... - 2 Samuel 14:14*

*Wanneer jy regspreek, …moet jy wegbly van leuens sodat jy nie*

*onskuldiges en regverdiges doodmaak nie. Ek, die Here, vind nie 'n skuldige onskuldig nie. - Eksodus 23:6,7*

*Dít is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie. - 1 Joh. 1:5*

*Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie. - Jakobus 1:17*

## 26. Die Wet van God: Verwerping van Immoraliteit

*Jy mag nie egbreuk pleeg nie. - Eksodus 20:14.*

Satan doen enigiets om die beeld van God (die verhouding tussen die Vader en die Seun) in die mens (die man-vrou-verhouding) af te kraak. Vir my is daar drie groot areas waar immoraliteit groot skade kan aanrig: (1) finansies (2) dwelmmisbruik en (3) op seksuele gebied. Laat ons God vertrou vir ekstra beskerming op hierdie gebiede, ook op morele gebied.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek dank U vir duidelikheid in U Woord omtrent die seën van een lewensmaat van die teenoorgestelde geslag. Indien daar verkeerde voorbeelde en onheilige idees teenoor my kind gedemonstreer is, vra ek vir U vergifnis namens die betrokke individue, asook al die ander wat betrokke is, ook myself. Ek vra vir herstel en genesing wat net U kan bring. Dankie vir U vergifnis en genesing wat verder as enige menslike hulp strek.

Hou my kind veilig van die invloede van die media (internet, radio, TV, flieks, videos, sosiale media, ens.) wat hom/haar aan immoraliteit blootstel. Help hom/haar om voorsorg te tref voordat hy/sy aan immoraliteit blootgestel word.

Help my om die beginsels van die Vader-Seun-verhouding, soos wat dit in die man-vrou-verhouding gedemonstreer word, te verduidelik. Maak die saadbeginsel duidelik vir hom/haar. Mag hy/sy ‘n duidelike prentjie kry van die seën wat met ‘n morele lewe gepaard gaan, sodat ‘n morele leefstyl nie as

beperkend beskou sal word nie, maar eerder ‘n bron van vreugde en seën wat U agape liefde kanaliseer (Ps. 128:3).

Help hom/haar om sy/haar identiteit en troos in U te vind (Joh. 16:7), sodat dit onnodig is om vertroosting in die fisiese arms van enigiemand te soek. Openbaar U liefde aan hom/haar, sodat dit maklik is om identiteit te vind en immoraliteit te verwerp. Ek vra vir ‘n nie-veroordelende, genadige gesindheid teenoor dié wat immoreel leef. Gee hom/haar die genade en moed om ‘n lewe van hoë morele standaarde aan ander te verduidelik, asook die seën wat dit bring.

Dankie vir die groot seën wat in noue verhoudings gevind word. Ek bid hierdie seën ook vir my kind toe, in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen.

(Bron: www.vadervanliefde.com)

## Grootste en kosbare beloftes

*“Hoe kan ek so 'n verkeerde ding doen? Ek sal mos teen God sondig!” - Genesis 39:9 – die woorde van Josef aan die vrou van sy meester.*

*Sê vir die wysheid: “Jy is my suster,” maak die insig familie van jou. Dit sal jou weghou van die slegte vrou af, die vrou met die verleidelike praatjies. - Spreuke 7:4-5*

## 27. Die Wet van God: Jy mag nie steel nie

*Jy mag nie steel nie. - Exodus 20:15*

Soos reeds genoem, is daar vir my drie groot gebiede waar immorele besluite groot skade kan aanrig: (1) finansies, (2) dwelmmisbruik en (3) op seksuele gebied. Laat ons God vertrou vir goeie besluite rakende finansies. Daar is sekere beginsels in die Woord uiteengesit om finansies te hanteer, en ons kinders moet hiervan kennis neem. My voorbeeld as ouer spreek dikwels harder as enige lering.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek vra dat U aan my kind ‘n skoon gewete in verband met geldsake en finansiële besluite sal gee (Eks. 20:15). Help hom/haar om te verstaan dat U die bron van beide geestelike en fisiese seën is.

Help my kind om eerlik te wees met geldsake, met sy/haar eie asook ander s’n. Wys my praktiese maniere om my kind die Bybelse hantering van geldsake te leer. Mag ek ‘n voorbeeld stel wat hy/sy kan volg, omdat ek U volg, Here Jesus.

Mag my kind ‘n oop hand hê om aan ander te gee, om ‘n balans te vind tussen spaarsamigheid, om te spaar vir die toekoms, en aan die ander kant vrygewigheid, om te help waar ander in werklike nood is (Lev. 25:35).

Ek vra dat my kind dit maklik en ‘n vreugde sal vind om tiendes en offerandes, volgens U wette te gee (Mal. 3:10). Mag hy/sy U altyd vertrou om aan hom/haar voorsiening te maak vir geestelike en fisiese seën, dwarsdeur sy/haar ganse lewe.

Vergewe my en my kind waar ons terughou om aan ander te gee wat U so vrylik aan ons gee. Dankie vir U beginsels van mededeelsaamheid met ander, sodat ons kan ontslae raak van die neiging om altyd vir ons eie gebruik en genietinge te ontvang (Matt. 10:8).

Mag my kind vreugde vind in sy/haar werk wanneer daar diens gelewer word aan ander, of dit in sy/haar werk of ‘n eie besigheid is, sodat finansies wat daaruit voortgebring word, geseënd sal wees. Dankie vir U beskerming van sy/haar finansies en vir U seën van wysheid, sodat tiendes en offergawes vanuit sy/haar finansies ‘n seën in die evangelie-bediening sal bring (Gal. 6:6).

Ek vra dit in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen.

(Bron: www.vadervanliefde.com)

## Grootste en kosbare beloftes

*Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf. So hou Hy die verbond in stand wat Hy met 'n eed aan jou voorvaders beloof het… – Deut. 8:18*

## 28. Die Wet van God: Spreek Waarheid, nie die Leuen nie

*Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie. - Eksodus 20:16*

Gedurende die jare wat ek my kinders grootgemaak het, was daar areas in my lewe waarin ek leuens in my hart en gewoontes toegelaat het, sommige waarvan ekself ook nie bewus was nie. My kinders het dit aangeleer en ek het dit onbewustelik aan hulle oorgedra. Ek kan nou net om vergifnis vra vir hierdie dinge. Die leuens wat my die meeste pla, is dat ek die beeld en karakter van God aan my kinders verkeerdelik oorgedra het. Dit is onbewustelik gedoen. Nogtans is die resultate daar. My ewige gebed is dat my getuienis teenoor my kinders van waarheid sal spreek. Terwyl ons die pad van herstel deur vergifnis stap, staan ek verbaas hoe my kinders die verandering van negatiewe reaksies na positiewe reaksies op my ouerlike invloed (wat nie altyd die beste is nie) kan maak.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek verstaan dat ons enige leuens sal verwerp indien ons in ‘n hemelse atmosfeer tuis is (Open. 14:5). Dankie dat U Seun, Jesus, ons waarheid is (Joh. 14:6), sodat Hy die weg na U teenwoordigheid baan, Vader. Ek vra om vergifnis waar ek U en die Waarheid in U Woord verkeerd aan my kinders oorgedra het. Ek vra vir ‘n wag voor my mond, om die deur van my lippe te bewaar (Ps. 141:3). Dankie dat ek as ouer waarheid by U kan vind.

Ek vra dat ons waarheid en genade in ons huis teenoor mekaar sal spreek, dat daar ‘n atmosfeer van aanvaarding, sonder foutvindery, sal wees. Wanneer dit kom by onwaar wyses om ons gedagtes uit te druk, help my kind (en ons hele gesin) om leuens te identifiseer en te verwerp. Toon ons hoe om waarheid op alle gebiede te spreek, aangesien dit ‘n uitdaging kan wees. Help my kind om nooit na onwaarhede te draai om sy/haar eie reputasie te red nie. Mag hy/sy nooit onwaarhede gebruik vir eie gewin nie.

Ek vra dat U, hemelse Vader, alle onwaarhede in ons huis in verband met die onsterflikheid van die siel en omtrent U karakter, ontwortel, sodat ons ‘n duidelike beeld van die verlossingsplan kan kry. Mag my kind oop wees vir lering uit U Woord wat algemeen-aanvaarbare leuens in christelike lering

blootlê, sodat hy/sy die pêrels van waarheid in U Woord mag vind en daardeur mag lewe.

Ek vra dat U my en my kind (ons gesin) wys hoe om in alle omstandighede waarheid met liefde en genade te spreek.

Ek vra dit in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen.

(Bron: 20LtMs, Ms 195, 1905, par. 2 and 3)

## Grootste en kosbare beloftes

*Toe het ek die Lam op Sionsberg sien staan en by Hom honderd vier en veertig duisend mense met sy Naam en sy Vader se Naam op hulle voorkoppe geskrywe… Uit hulle mond het daar nooit 'n leuen gekom nie. Hulle is onberispelik. – Openbaring 14:1, 5*

*"…My mond gaan suiwer wysheid praat; wat ek gaan sê, sal van insig getuig…" – Psalm 49:4*

*'n Betroubare getuie lieg nie … 'n Betroubare getuie red lewens... - Spreuke 14:5, 25*

## 29. Die Wet van God: Jy Mag nie Begeer nie

*Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie. - Eksodus 20:17.*

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek kom na U in die Naam van Jesus Christus, ons Here, om te vra vir 'n hart gevul met dankbaarheid in my kind teenoor U en ander in sy/haar lewe wie seën aan hom/haar bring. Help my om onderdanige onselfsugtigheid te demonstreer, sodat hy/sy die kanaal van seën kan verstaan: die beginsels van vra en ontvang in dankbaarheid, en om aan ander te gee sonder om iets terug te ontvang. Help my kind om sy/haar identiteit in U as kind van God te verstaan, dat hy/sy sal weet dat U in alle behoeftes sal voorsien.

Vergewe my vir my selfsugtige gebede vir my kind, waar ek aardse wysheid en eiendom vir hom/haar begeer, selfs ‘n hoë posisie in die kerk. Lei my in my voorbeeld om die wonderlike eienskappe van die karater van God te begeer. Mag my kind in my die diepe begeerte vir ewige dinge sien, asook ‘n verontagsaming van dinge wat tog net die hart vol trots en selfsug maak. Laat my ‘n voorbeeld stel van genoegsaamheid en tevredenheid met die eenvoudige dinge wat U genadiglik elke dag voorsien.

Ek vra dat U enige wortels van kwade begeertes in sy/haar hart aan my kind sal openbaar. Help hom/haar om die kern van die probleem te identifiseer, om die sonde te ontwortel en ‘n nuwe hart van U te ontvang (Eseg. 36:26). Help hom/haar om te sien dat begeertes na onnodige dinge (materiële dinge of talente of posisies) nooit blywende vreugde bring nie.

Help my om my kind te herinner dat U oneindige waarde op hom/haar plaas, sodat hy/sy nooit nodig het om homself/haarself met enigiemand anders te vergelyk, wat tot begeerlikheid kan lei nie. Dankie vir U uitspraak van waarde oor ons almal: Dit is my geliefde seun/dogter in wie Ek ‘n welbehae het (Matt. 3:17).

Ek bid dit in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen.

(Bron: 5T 188.1 – 5T 191.1)

## Grootste en kosbare beloftes

*Die Here is my herder, <u>ek kom niks kort nie</u>. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. – Psalm 23:1-2.*

## 30. Wanneer My Kind die Huis Verlaat

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek dank U in die Naam van Jesus Christus vir die voorreg en seën wat ek het om hierdie kind vir U diens groot te maak. Ek vra dat, wanneer hy/sy die huis verlaat, hy/sy ‘n geheiligde lewe sal leef, ‘n lewe van diens aan U, deur ‘n verhouding met U te handhaaf wat werklik sy/haar eie is, en nie ‘n verlengstuk van my verhouding met U nie.

Help hom/haar om sonde-vergifnis te ontvang, om vrylik vergifnis uit te deel aan ander, om te lewe in die krag van vergifnis, soos deur die kanaal van seën ontvang.

Ek vra dat U aan hom/haar ‘n steeds dieper insig in die kruis van Christus en die Sabbatsrus sal gee. Ek vra ook vir ‘n groot mate van insig in die vrees van die Here, die verlossingsplan en die vreugde van ‘n geheiligde lewe.

Mag hy/sy altyd betrokke wees by ‘n gemeenskap van gelowiges wie U vrees, wie heerlikheid aan U gee deur te lewe volgens U wette en U karakter, wat U Woord bestudeer om U oordeel beter te begryp en wat rus in U vind (Open. 14:6-7). Dankie vir U belofte dat hy/sy die wêreld kan oorwin (Open. 14:8) en met veiligheid deur die eindtydkrisisse mag gaan (Open. 14:9-11).

Dankie vir U belofte van lydsaamheid en volharding vir my kind en ander mede-gelowiges in sy/haar lewe, wat hulle in staat stel om die gebooie van God na te kom en die geloof van Jesus te bewaar (Open. 14:12), selfs wanneer ek neergelê word in die graf.

Ek buig diep voor U in aanbidding en lof aan U, Vader, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

*Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê:*

*“Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe.”*

*“Ja,” sê die Gees,*

*“hulle sal rus van hulle arbeid,*

*want alles wat hulle gedoen het, volg hulle.”*

*~ Openbaring 14:13 ~*

# Ek bid vir my Kinders

## Volgens die Goddelike Patroon

God het ons in Sy ryke genade na die kennis van die Vader en die Seun, waarna verwys word as die Goddelike Patroon, teruggebring. Hy toon ons wat *agape* liede is (liefde wat heeltemal gestroop is van selfsug) teenoor *eros* liefde (wat altyd selfsugtig optree).

Volgens die Goddelike Patroon bepaal ek as ouer op watter manier die seën van ons hemelse Vader oor ons kinders uitgestort word. Dit plaas my nie in ‘n magsposisie nie, maar wys my eerder op my behoefte aan ‘n goddelike karakter, sodat ek die karaktereienskappe van Jesus Christus aan my kinders kan toon.

Laat ons rus in die struktuur van seën wat in die verhouding tussen ons hemelse Vader en Sy Seun ingebou is: dankbaarheid en lof aan die groot Gewer sluit die hemelse strome van seën oop.



Nina (regs) en haar drie kinders: Dawid, Fransonet en Marié, 2017.
Foto geneem deur die vader van die gesin, Bester Snyman.